Mei - Junie 2020

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 19, No. 3 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde May-Jun 2019 *Tomorrow's World*-tydskrif



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Vergete geskiedenis wat ons toekoms openbaar

Die meeste van u wat hierdie artikel lees, woon in veilige, stabiele woonbuurtes. Sommige van u woon al dekades lank in dieselfde huis. Baie mense geniet die stabiliteit van 'n langtermyn woonplek – stuur hulle kinders na plaaslike skole, ken en vertrou die bure en het die finansiële vermoë om 'n huis af te betaal. Die lewe is nogtans nie so vir almal nie.

Vandag sien ons massa-migrasies, waar mense met slegs die besittings wat hulle kan dra wegvlug van gewelddadige konflikte of op soek is na 'n beter lewe. Dit is die geval in die Midde-Ooste en Afrika asook in Sentraal- en Suid-Amerika. Miljoene mense het uit Sirië gevlug, nie omdat hulle hul geboorteland gehaat het nie, maar bloot om te oorleef. Alhoewel omstandighede verskil, sien ons 'n massa-migrasie uit Venezuela. Mense hou van hulle huise. Hulle is lief vir hulle land en kultuur met hulle unieke gebruike, kosse en lewenswyses. Ons kan ons net voorstel hoe dit moet wees en treur oor diegene wat hulle ou lewens moet agterlaat om elders 'n heenkome te soek. Die meeste van ons vind dit moeilik om ten volle te verstaan wat dié mense deurgaan.

Wat meer is, is dat dit vir ons in Noord-Amerika, Europa, Australië, Nieu-Seeland en ander stabiele lande haas ondenkbaar is dat ons eendag dalk in dieselfde situasie mag beland as waar daardie mense nou is. Hoe moet dit wees om alles te verloor waarvoor mens gewerk het en dan na 'n onbekende bestemming te vertrek?

Massa-uitsettings en migrasies is niks nuuts nie. Nét voor die Tweede Wêreldoorlog het duisende Jode en ander mense hulle besittings gepak en Europa verlaat voordat ontsnaproetes gesluit is en diegene wat agtergebly het het hulleself as gevangenes bevind in wraaklustige omstandighede – gevangenes van Volksmoord. Gedurende die Amerikaanse stofstorms en Groot Depressiejare het baie mense in Oklahoma hulle plase en huise verloor en moes hulle weer in die Sentrale Vallei van Kalifornië 'n nuwe begin maak. Ander mense het vroeër in die twintigste eeu, tydens die Russiese revolusie, uit Rusland gevlug.

**Vergete geskiedenis, verlore begrip**

Die meeste belydende Christene ly aan 'n jammerlike gebrek aan begrip van die Bybel en die geskiedenis van die Israelitiese volke. Hulle weet nie dat die Jode slegs 'n klein gedeelte was van wat bekend gestaan het as die volk van Israel nie, alhoewel dit duidelik is in die Bybel vir enigiemand wat die moeite doen om dit te lees. Na die dood van koning Salomo het sy seun Rehábeam die noordelike tien stamme só kwaad gemaak dat hulle hom as koning verwerp het en in 'n afsonderlike nasie verdeel het. Hulle het die naam "die huis van Israel" behou. Die Jode en

Benjaminiete het oorgebly om die huis van Juda te vorm en hulle was steeds getrou aan die troon van Dawid, met Jerusalem as hulle hoofstad. Dit is alles deel van die geskiedenis (1 Konings 12) en het betrekking op ons moderne wêreld.

Een van die grootste gedwonge migrasies in die geskiedenis het in die agtste eeu v.C. plaasgevind, toe die Assiriese Ryk hierdie noordelike tien stamme verslaan het en die bevolking hervestig het in 'n gebied tussen die Swart- en Kaspiese See. Meer as honderd jaar later is die Jode ook in ballingskap weggevoer, maar hierdie keer deur die Chaldeërs wat hulle na Babilon weggevoer het. Amerikaners en nasies van Britse afkoms vind dit moeilik om hulleself in 'n situasie in te dink waar hulle op die slagveld verloor en in ballingskap weggevoer sal word. Bybelprofesie toon egter dat dit weer sal gebeur – met ons!

Dink u dalk dit kan nie gebeur nie? Die Verenigde State is steeds 'n baken van hoop, die "Beloofde Land" vir miljoene mense wat veiligheid en 'n meer voorspoedige lewe soek. Alles is egter nie wel onder die oppervlak nie. Dink aan Amerika se skuld van $22 biljoen en hoe verdeeld die nasie is. Ja, ons mag onsself op die oomblik wát verbeel, maar kan 'n huis wat teen homself verdeeld is, bly staan? Hoe lank sal 'n liefdevolle Skepper ons morele slykput waarin alle selfbeheersing oorboord gegooi word, verdra? Hoe lank sal Hy die moord op miljoene on-

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Vergete geskiedenis wat ons toekoms openbaar**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Is manlikheid werklik toksies? 3**
Sosiale meningsvormers om elke hoek en draai verklaar dat tradisionele manlikheid 'n bron van kwaad en geweld is. Dit is nodig om daarvan ontslae te raak. Is hulle reg?

**Die "globale Suide" versus die liberale Weste 8**

**Een man, een vrou: Een gelukkige huwelik! 10**
Ons almal wil graag 'n gelukkige huwelik hê maar is dit moontlik? Ja, dit is! Pas hierdie beginsels toe en ontdek die huwelik wat u altyd wou hê.

**Vinnig om te oordeel 15**

**Vir watter rede? Waarom is ons in die ruimte? 16**
Die ruimtewedloop vat weer vlam! Behoort dit so te wees? Is die voordele van ruimtereise die risiko's werd? Dit is nodig dat ons perspektief kry oor ons pogings oor die finale grens.

**O, Kanada 'n Nasie in skuld 21**

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde 23**

**Die werke van Sy Hande 24**

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Is manlikheid werklik toksies?

**Deur Wallace G. Smith**

Dit is 'n verwarrende tyd om 'n seun te wees. Sommige mense sê dat die woord "seun" 'n sinnelose woord is – net een klein puntjie op die hele spektrum van "geslags"-keuses. Ander mense sê weer dat "seun" 'n goed-gedefinieerde woord is, maar dat dit van toepassing kan wees op enigeen van die twee geslagte – manlik of vroulik – afhangende van hoe hulle voel of verkies om geïdentifiseer te word.

Daar is ook diegene wat verklaar dat die versameling geneigdhede wat seuns en mans dikwels kenmerk en wat baie mense "manlike eienskappe" noem, potensiële bronne van kwaad is – vir hulleself en vir diegene rondom hulle. Sulke mense sal hierdie persoonlikheidskenmerke en geslagsgebaseerde ontvanklikheid definieer as "toksiese" eienskappe wat oorkom behoort te word. Trouens, sommige mense beweer dat sulke manlike eienskappe, risiko's vir geestesongesteldheid inhou en dat maatskaplike ingryping in die vroegste stadiums van die lewe nodig is om te verseker dat seuns nie hierdie eienskappe idealiseer nie, sodat dit nie permanente sielkundige skade veroorsaak en dat hulle nie gewelddadige mishandelaars sal word teenoor diegene rondom hulle nie.

Die verwarring wat al hierdie dinge veroorsaak, strek verder as net vir seuns. Dit is 'n verwarrende tyd vir mans, oor die algemeen asook vir die meisies en vroue in hulle lewens wat vir hulle lief is.

Is manlikheid – die versameling van eienskappe wat algemeen en tradisioneel met mans geassosieer word – 'n bron van geestesongesteldheid? Is manlikheid toksies? Hoe sou ons weet?

Daar is duidelikheid oor hierdie kwessie te vinde, maar nie onder diegene wat deur baie mense as sogenaamde "kundiges" beskou word nie.

**Manlikheid as geestesongesteldheid**

Vroeg in 2019 het die Amerikaanse Sielkundige Vereniging (*APA*) 'n noemenswaardige nuwe publikasie vrygestel: *Guidelines for Psychological Practice with Boys and Men*. Daarin beskryf die Amerikaanse Sielkundige Vereniging vaagweg, "'n bepaalde groep standaarde wat aan die orde van die dag is in groot gedeeltes van die bevolking, met inbegrip van: Anti-vroulikheid, prestasie, ontkenning van enige voorkoms van swakheid asook avontuurlus, waagmoed en geweld. Na hulle word gesamentlik verwys as die tradisionele manlikheids-ideologie" (bll. 2-3).

Hulle gevolgtrekkings ten opsigte van hierdie "tradisionele manlikheids-ideologie" kan nouliks meer ongevoelig wees. Soos wat Stephanie Pappas beweer in 'n artikel op die Amerikaanse Sielkundige Vereniging-webwerf, dat navorsing kwansuis toon dat "tradisionele manlikheid, sielkundig nadelig is" ("*APA issues first-ever guidelines for practice with men and boys", APA.org*, Januarie 2019). Hierdie gevolgtrekking is "die dryfveer" agter die Amerikaanse Sielkundige Vereniging se navorsing oor die aangeleentheid.

Slegs maande vroeër het die Amerikaanse Sielkundige Vereniging beskryf dat die "patriargale ideale manlike samestelling" elemente soos "taaiheid, heteroseksualisme, selfversorgende gesindhede en gebrek aan emosionele sensitiwiteit" insluit ("*Harmful masculinity and voilence", APA.org*, September 2018).

Om die probleem van hierdie manlike ideale te bekamp, beveel die Amerikaanse Sielkundige Vereniging aan dat daar vroeg in die lewens van seuns ingegryp word om "[elke] adolessent se aanvaarding van tradisionele geslagsrolle te verminder", asook om "bemarkingsveldtogte te skep met die doel om sosiale en kulturele norme wat die ongesonde manlike gedragskode onderskryf te verander" (*ibid*.). Op die gebied van bemarkingsveldtogte was die bekende skeermesmaatskappy Gillette tog te bly om deel te neem.

**Die beste wat 'n advertensie kan wees?**

Gillette het lank reeds die leuse gebruik: “Die beste wat 'n man kan kry” om sy reeks skeerprodukte te verkoop. Heel moontlik geïnspireer deur die gewildheid van die *#MeToo*-beweging en die aandag wat gegee is aan die idee van “toksiese manlikheid” – sekerlik ook met die oog op hulle geskiedenis van advertensies met stereotipiese pragtige vroue wat die skoongeskeerde gesig van stereotipiese aantreklike en atletiese mans streel – het Gillette besluit om tot die geslagsoorlog toe te tree met sy eie openbare verklaring van lojaliteit aan die sosiale meningsvormers wat probeer om die definisie van manlikheid te herskryf.

Die gevolg was 'n feministies-ontwerpte advertensie wat meer daarop gerig was om mans te kasty as wat dit was om skeermesse te verkoop. (Om te dink dat Gillette nie gehoop het om meer produkte te verkoop deur die gebruik van so 'n advertensie nie, sou natuurlik naïef wees). Alhoewel die video net minder as twee minute duur, skilder dit effektief – hoewel verkeerdelik – die geskiedenis van mans asof die hele mansgeslag nie genoeg gedoen het om hulle eie giftigheid in toom te hou nie.

Op baie plekke in die video, bereik die prekerigheid van die boodskap 'n hoogtepunt op 'n besonder sieltergende wyse. Net meer as 30 sekondes na die begin van die video, sien ons byvoorbeeld 'n groep van meer as 15 mans – elkeen van hulle staan ongestoord agter sy eie, individuele braaiplek en neurie kultusagtig: “Seuns bly maar seuns”, terwyl hulle toekyk hoe 'n jong kind 'n ander een op die grond voor hulle afknou en niemand tree tussenbeide nie.

Ten spyte van al die stemme wat die advertensie verdedig en beweer dat dit slegs gemik was daarop om slegte gedrag aan te spreek en nie om alle mans te beskuldig nie, skilder die sorgvuldig ontwerpte tonele soos hierdie die teenoorgestelde prentjie. Die beeld van 'n skare stereotipiese mans wat braai en toelaat dat een kind 'n ander kind afknou terwyl hulle toekyk, totdat 'n enkele, verstandige kêrel besin en die bullebak keer, stuur 'n duidelike boodskap uit: Mans oor die algemeen is die probleem en tradisionele manlikheid (na alles, “seuns bly maar seuns”) is verkeerd en behoort reggestel te word. Klaarblyklik word wangedrag soos boelie en die afknou en verkleinering van vroue nie beskou as afwykings van tradisionele manlikheid nie. Dit word beskou as die natuurlike manifestasies daarvan.

Die idee dat 'n maatskappy en boonop een wat op daardie stadium in die nuus was as gevolg van kommer oor skaduagtige sakepraktyke, so blatant sou besluit dat dit die morele gesag het om die wêreld se mans voor te skryf oor hoe hulle behoort op te tree, het baie wrewel veroorsaak. Meer aanstootlik egter as die boodskapper was die boodskap self. Tydens die plasing van hierdie publikasie was die video reeds byna 30 miljoen keer op YouTube gekyk, wat 1,4 miljoen keer afgekeur is en waarop meer as 423,000 keer kommentaar gelewer is.

Die kultuurstryders en sosiale meningsvormers was beslis om tradisionele manlikheid te hanteer asof dit 'n gebrek is wat reggestel behoort te word en hulle sit hulle gang ongesteurd voort. Die druk om voor sulke idees te swig, is baie werklik en neem steeds toe.

In haar klassieke en ongelukkig akkurate boek, *The War Against Boys*, identifiseer die vrydenkende feminis Christina Hoff Sommers baie van die sosiale faktore wat druk uitoefen op seuns en jongmanne met die doel om hulle te omskep in iets anders as wat seuns en jongmanne van nature is.

> Seuns dra vandag die las van verskeie kragtige kulturele tendense: 'n Terapeutiese benadering tot opvoeding wat gevoelens vooropstel en mededinging en risiko afkraak, beleidrigtings wat gewone kaskenades van jong mans ernstig straf asook 'n geslagsgelykheidsbeweging wat manlikheid as roofsugtig beskou. Natuurlike manlike uitbundigheid word nie meer geduld nie (bll. 39-40).

Sommers verduidelik dat op 'n stadium in die verlede,

> ... dit die mode geword het om die gedrag van miljoene gesonde seuns as 'n siektetoestand te beskryf. Ons het teen seuns gedraai en 'n eenvoudige waarheid vergeet: Die energie, mededingendheid en natuurlike waagmoed van normale

> mans is verantwoordelik vir baie van wat reg is in die wêreld. Niemand ontken dat seuns se aggressiewe neigings tot bedaring gebring moet word en na konstruktiewe doelstellings gekanaliseer word nie. Seuns het dissipline, respek en morele leiding nodig (én hunker daarna). Seuns het liefde en verdraagsame begrip nodig. Om 'n seun te wees, is egter nie 'n sosiale siekte nie (bll. 3-4).

Is Sommers reg en ís natuurlike manlikheid 'n algemeen positiewe krag, "verantwoordelik vir baie van wat reg is in die wêreld"? Of is die Amerikaanse Sielkundige Vereniging, Gillette en ander "verligte" sosiale meningsvormers op die regte pad wanneer hulle ywerig probeer om mans in 'n nuwe selfontwerpte vorm te giet? Sal ons net bevry wees van probleme soos afknou en vrouehaat en sal seuns net gevrywaar wees teen geestelike skade en 'n gewelddadige toekoms as ons met die boeie van tradisionele manlike ideale wegdoen en die meer geslaglose verskeidenheid van "manne" aanvaar wat hulle gereed is om voor te skryf?

**Verskillend ontwerp**

Dit is waar dat individue van mekaar verskil, ook ten opsigte van 'n spesifieke geslag. Die samestelling en verspreiding van ons individuele eienskappe en persoonlike eienaardighede kan nouliks bepaal word deur slegs één veranderlike – selfs een so geweldig belangrik soos geslag.

Dit is egter net so waar dat daar werklike en betekenisvolle verskille is tussen dié van die manlike geslag en dié van die vroulike geslag en dit behoort nie 'n verrassing te wees nie! Die Skepper van die mensdom, die God van die Bybel, het ons op hierdie manier ontwerp. Jesus Christus verklaar: "Het julle nie gelees dat Hy wat *hulle* gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie" (Matthéüs 19:4). Nee, geslag is nie fundamenteel 'n sosiaal saamgestelde werklikheid nie en nee, daar is geen "spektrum" nie. Die Ontwerper het die mensdom volgens Sy wil in twee verskillende geslagte *geskep*.

So onbegryplik as wat dit mag klink vir diegene wat verkies om te fantaseer oor die skepping van 'n mitiese geslaglose Utopia, word die verskille tussen man en vrou nog steeds in die samelewing gemanifesteer – eeu na eeu en kultuur na kultuur. Ja, daar kan merkwaardige individuele verskille tussen eras en kulture wees en ja, daar is merkwaardige verskille tussen individue, selfs binne dieselfde geslag, maar die basiese geneigdhede is daar vir almal om te sien.

Sodra ons besef dat die geslagte verskillend geskep is, sien ons ook die eenvoudige oplossing vir ons dilemma: Indien ons graag die soort manlike ideale wil verstaan waarna mans behoort te streef, behoort ons te kyk na die instruksies wat ons Skepper voorsien het en die manne wat Hy in Sy Woord as voorbeelde aan ons voorhou.

**Ware manlike ideale**

Wanneer ons die Skrif beskou as ons gids om die eienskappe van 'n gesonde manlike identiteit te ontdek, vind ons baie van die presiese eienskappe waarteen die Amerikaanse Sielkundige Vereniging mans waarsku.

Kyk byvoorbeeld na die tipiese manlike eienskap van selfvoorsiening of selfvertroue. Die apostel Paulus sê duidelik in Efésiërs 5:23 dat die mán in 'n gesin die leiding moet neem wat volgens die Bybel beteken dat hy homself sal toewy aan die bediening van andere (Matthéüs 20:25-28). Paulus sê elders dat 'n man wat nie vir sy eie gesin sorg nie, "die geloof verloën [het] en is slegter as 'n ongelowige" (1 Timótheüs 5:8). Inherent aan hierdie idees is dit noodsaaklik vir 'n man om die vermoë te ontwikkel om sy eie vaardighede en vindingrykheid toe te pas en iemand te word van wie ander mense materieel afhanklik is – nie een wat hoofsaaklik van ander afhanklik is nie.

Natuurlik kan daar moeilike tye kom en siekte en besering tref ons almal (Prediker 9:10-11). Met betrekking tot mans wat egter die vermoë het om te werk, maar *weier* om dit te doen, is Paulus duidelik: "... as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie" (2 Thessalonicense 3:10)!

Mans wil graag in staat wees om selfonderhoudend te wees en om deur hulle eie pogings dít te voorsien wat nodig is vir ander om te oorleef. Hierdie dryfkrag is deel van 'n man se

fundamentele aard en die samelewing lê daardie dryfkrag aan bande tot hulle eie nadeel.

Wat van 'n "gebrek aan emosionele sensitiwiteit"? Eintlik was die manne van die Bybel 'n passievolle klomp – 'n karaktertrek wat lewendig uitgebeeld word in die Psalms van koning Dawid van Israel. Terselfdertyd is die vermoë om homself emosioneel los te maak van die omstandighede voorhande "om die werk gedoen te kry" – 'n lofwaardige eienskap wat hom toelaat om helder te dink en te presteer in tye wanneer emosies verlammend sou wees.

Ons sien dit ook in koning Dawid. Op een van die laagste tye in sy lewe het sy eie seun Absalom, 'n staatsgreep probeer uitvoer in 'n poging om die troon van Israel van hom af te neem. Toe Dawid se soldate Absalom doodgemaak het en so die konflik beëindig het, was Dawid ontroosbaar as gevolg van die verlies van sy seun. Tog het die koning, op advies van sy militêre leier, Joab, homself reggeruk, sy emosies onderdruk en voor sy manne verskyn in waardering vir hulle lojaliteit, ondersteuning en opoffering. Soms is 'n stoïsynse [ongestoorde] vermoë om gelate te reageer en dus gevoelens opsy te skuif, werklik noodsaaklik. Die vermoë om dít te doen wanneer die oomblik dit vereis, is 'n manlike ideaal.

Dink miskien aan sommige van die meer omstrede eienskappe wat verband hou met "tradisioneel manlike ideologie": Selfgeldende optrede, strydlustige optrede en bereidwillige gereedheid om te konfronteer en gereed te wees om te veg. Sulke eienskappe is sekerlik altyd negatief – of is dit?

Nee, nie volgens die Bybel nie. Die apostel Paulus het die apostel Petrus "openlik teëgestaan" toe laasgenoemde geveinsd begin optree het teenoor die nie-Joodse gelowiges nadat Joodse leiers by die gemeente aangekom het (Galásiërs 2:11-14). Jesus self het die tafels van die geldwisselaars in die tempel omgegooi en dit wat op die tafels was is sekerlik oor die grond verstrooi. Hy het daarna 'n sweep van toutjies gemaak en die handelaars fisies uitgedryf (Matthéüs 21:12; Johannes 2:14-16)! Hy het gehandel in regverdige verontwaardiging as gevolg van die ontheiliging van Sy Vader se Huis!

Was Paulus se konfrontasie met Petrus – of Jesus (durf ons dit sê?) se gewelddadige reaksie deur die ontheiliging van die tempel – 'n voorbeeld van toksiese manlikheid? Geensins! Daar is tye en plekke vir konfrontasie en konflik en om die vermoë te hê om op te staan en persoonlik die bose te konfronteer, is 'n waardige ideaal van manlikheid waarna mans behoort te streef!

Wil ons in 'n wêreld woon waar 'n man en sy vrou in die middel van die nag wakker gemaak word deur die geluid van glas wat breek op die onderste verdieping, waar die man na sy liefdevolle vrou draai en sê: "Liefling, ek het die vorige keer gaan ondersoek instel na inbrekers en hierdie keer is dit jou beurt om ondertoe te gaan, terwyl ek veilig hier bly"? Kan ons dalk saamstem dat selfgeldende en strydlustigheid 'n gesonde plek kan hê in die samestelling van ideale manlikheid?

Die Bybel skets 'n prentjie van manlikheid wat *baie* ideale insluit. Die manne wat God as voorbeelde stel vertoon onverskrokkenheid, krag, taaiheid, moed, vasberadenheid en 'n gewilligheid om sonder huiwering te konfronteer wanneer konfrontasie nodig is. Hulle toon ook sagmoedigheid, deernis en besorgdheid oor ander – wat bewys dat tradisioneel manlike eienskappe nie inherent onverenigbaar is met ander eienskappe nie.

**Vermoë om probleme reg te verstaan**

Natuurlik kan elke eienskap, manlik of vroulik, op beledigende maniere uitgedruk word. Net soos die selfgeldende karakter van mans, afknouery kan word, kan die sagte en koesterende aard van vroue vertroeteling te ver voer.

Een van die merkwaardige kenmerke van die Bybel is die Goddelike Skrywer se gewilligheid om nie net die hoogtepunte van Sy helde se lewens op te teken nie, maar ook hulle laagtepunte – nie net slegs hulle suksesse nie, maar ook hulle mislukkings, maak nie saak hoe ernstig dit is nie. In baie gevalle sien ons die ander kant van hulle natuur en wat die gevolge daarvan is wanneer natuurlike gesindhede sonder leiding en onbeheersd deur groter ideale

toegelaat word.

Benewens Dawid se manlike optrede en avonture, teken die Bybel ook die geval aan van owerspel en die moord wat hy gepleeg het in 'n mislukte poging om dit weg te steek (2 Samuel 11-12). God boekstaaf nie net die dapperheid en onverskrokkenheid van Jefta, die Gileadiet nie, maar ook die tragiese gevolge van sy voortvarendheid in oorwinning (Rigters 11).

Om sulke foute te noem asook die vele ander foute wat deur die geïnspireerde skrywers van die Bybel aangeteken is as voorbeelde van "toksiese manlikheid", is om nie te verstaan hoe daardie twee woorde 'n werktuig van propaganda geword het wat aangewend word deur diegene wat Bybelse konsepte van die gesinstruktuur en geslagsrolle wil afbreek nie. Toksiese manlikheid en toksiese vroulikheid is bloot manifestasies van toksiese *menslikheid*: Uitdrukkings van ons vleeslike natuur wat besoedel is deur sonde wat nie van nature onderworpe is aan die Wet van God nie (Romeine 8:7).

Die oplossing vir die probleme wat deur sulke korrupsie veroorsaak word, is egter nie om die baba (seun of meisie) met die badwater uit te gooi nie. Manlikheid en vroulikheid is nie die probleem nie maar wel die hantering daarvan en die Amerikaanse Sielkundige Vereniging se benadering om tradisionele manlikheid te beskou as 'n toksiese brousel van probleme wat wag om te gebeur, is eenvoudig verkeerd en gevaarlik misleidend.

Die Bybel se verduideliking is baie behulpsamer en meer in lyn met die werklikheid: *Sonde* is die probleem. Indien sonde die probleem is, is die oplossing daarvan om die sonde *aan te spreek*. Sonde raak ons almal en enigeen van ons kan die geneigdheid van ons ontwerp misbruik – ongeag die geslag. Die oplossing is nie om die werklikheid te ignoreer en te fantaseer dat ons die geslagte kan hervorm om enigiets te wees wat ons graag wil hê hulle sal wees nie. Die antwoord is eerder om die verskille tussen die geslagte te aanvaar terwyl daar gesoek word na hulle gesondste eienskappe asook om die wysheid van die God wat die geslagte in die eerste plek ontwerp het te soek.

In sy artikel "*Grown Men Are the Solution, Not the Problem*" op *NationalReview.org*, beklemtoon rubriekskrywer David French hoogtepunte van die onderstebo aard van die benadering wat op ons afgedwing word deur ons self-aangestelde denkers:

> Ons bewys ons seuns nie 'n guns wanneer ons hulle vertel dat hulle daardie stem binne-in hulle kan ignoreer wat hulle aansê om sterk en dapper te wees en om te lei nie. Ons bewys hulle nie 'n guns wanneer ons hulle toelaat om die soeke na 'n volwasse man te laat vaar wanneer daardie soeke moeilik raak nie ... Tradisionele manlikheid is nie die probleem nie. Dit kan deel wees van die genesing.

**Wie sal in die bresse tree?**

Ongelukkig probeer die samelewing om mans uit hulle bestaan uit te omskryf op die presiese oomblik in die geskiedenis wanneer ons hulle die nodigste het. Die God van die Bybel praat van verskriklike tye wat voorlê – 'n laat afspraak met die gevolge van ons verwerping van Hom, Sy Wette, Sy ontwerp en Sy leiding. Die tydperk wat in die geskiedenis van die mens sal kom, sal wees soos geen ander tydperk ooit was nie en geen tydperk daarna sal ooit gelyk wees aan die wreedheid en gruwels nie (Matthéüs 24:21; Jeremia 30:7).

Die Ewige openbaar egter duidelik waarna Hy op soek is om sulke dae te voorkom – en wat Hy nie vind nie: "En Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie; maar Ek het niemand gevind nie" (Eségiël 22:30).

Om selfgeldend en selfs aggressief te veg teen die skare om te doen wat reg is, op mens se eie twee voete te staan wanneer die res van die wêreld op sy knieë rondkruip en om sterk genoeg te wees om die geweldige gewig te dra van die samelewing se druk om toe te gee aan korrupte standaarde sonder om af te wyk van wat waar is ... Dit alles klink na die soort take waarvoor mans gemaak is. Laat ons hoop daar is nog van hulle oor. WvM

# Keerpunte in wêreldgeskiedenis
# Die "globale Suide" versus die liberale Weste

## Deur William Williams

Baie mense is bekend met die geweldige impak wat belydende Christelike evangelisasie het op die verspreiding van die Bybel en Judeo-Christelike waardes oor die hele wêreld. Sulke pogings het vir meer as vier eeue lank, ontwikkelende kulture beïnvloed. Baie sendelinge en ander godsdienstige werkers het selfs gesterf om hulle boodskap na nie-Westerse gemeenskappe te bring. Vandag se evangeliste en sendelinge vanaf ontwikkelende lande bestraf en spreek egter nou hulle teleurstelling uit oor die Westerse "moederlande" wat steeds verder van die Bybel af wegdryf. Wat het hierdie dramatiese keerpunt in die geskiedenis veroorsaak en hoe pas dit in by Bybelse profesieë?

**Eens "Christelike" nasies verwerp die Bybel**

In *The New Faces of Christianity* het die wetenskaplike Philip Jenkins geskryf oor 'n toenemende gevoel van konfrontasie wat die belange van Christene oral behoort te bekommer:

> In onlangse jare was [Anglikaanse Nagmale] omstrede byeenkomste. By een geleentheid het twee biskoppe deelgeneem aan 'n Bybelstudie. Een van hulle was Afrika-Anglikaans, die ander een 'n lid van die Amerikaanse Episkopaalse kerk. Soos wat die tyd verbygegaan het, het humeure opgevlam namate die Afrikaan sy vertroue oor die duidelike woorde van die Skrif uitgespreek het, terwyl die Amerikaner die nodigheid daarvan beklemtoon het om die Bybel in die lig van moderne vakkundigheid en hedendaagse benaderings te vertolk. Uiteindelik het die Afrika-biskop ergerlik gevra: "As julle nie die Skrif *glo* nie, **waarom het julle dit vir ons in die eerste plek gebring**?" (bl. 1, klem bygevoeg).

Hierdie verdeeldheid is nie verrassend nie.

Volgens 'n *Gallup*-verslag van 15 Mei 2017 glo slegs 24% van die Amerikaners dat die Bybel die letterlike Woord van God is, alhoewel 47% glo dat dit geïnspireer is, maar "nie letterlik verstaan behoort te word nie" (Lydia Saad, "*Record Few Americans Believe Bible Is Literal Word of God*"). Dit weerspieël 'n afnemende oortuiging dat die Bybel, "heilige literatuur is en voldoende is as riglyn vir 'n betekenisvolle lewe en betroubaar akkuraat" is – veral onder jonger geslagte (Barna Group, "*The Bible in America: 6-Year Trends*", *Barna.com*, 15 Junie 2016). Statistieke van ander Westerse nasies toon soortgelyke menings, selfs onder die geestelikes:

> Net 29% van die godsdienstig toegewyde mense in Kanada beskou evangelisasie in 'n positiewe lig ... Onder geestelikes in kerke wat in Suidelike Ontario al minder word, het almal (100%) nie saamgestem met die volgende stelling nie: "Die Bybel is werklikwaar die Woord van God en moet letterlik opgeneem word". Van dieselfde groep geestelikes het meer as 50% saamgestem dat "die Bybel die produk is van menslike denke oor God. Dus is sommige van die leerstellings verkeerd of misleidend" (Wyatt Graham, "*Ten Things You Should Know about Religion in Canada*" *TheGospel Coalition.org*, 6 Junie 2018).

Elders het Jenkins die vlak van godsdienstige geloof in Europese lande as opmerklik swak beskryf.

Die Weste het 'n kultuur voortgebring wat voorheen met vrymoedigheid verklaar het: "Die Bybel, die hele Bybel en niks anders as die Bybel nie is die geloof van die Protestante". Keer vier eeue se evangelisasie nou terug om die Weste se

toenemende liberale teologie aan te kla?

Vir dekades het die kloof tussen die liberale Westerse morele leerstellings en die oortuigings van die "globale Suide" – belydende Christene in Afrika, Suid-Amerika en Asië – al hoe groter geword en die uitwerking daarvan is vandag sigbaar.

**Verwerping van "progressiewe" sedes**

Die Verenigde Metodiste Kerk het onlangs die invloed van bekeerling-lande ondervind toe die omstrede *Een-Kerkplan* vroeër vanjaar verwerp is. Dr Jerry P. Kulah, 'n prominente Liberiese prediker, het die persone tereggewys oor die radikale veranderings by die Verenigde Metodiste Kerk se Algemene Konferensie:

> [En] hoor my asseblief as ek so beleefd moontlik sê: Ons Afrikane is **nie kinders wat Westerse verligting nodig het** wanneer dit kom by die kerk se seksuele etiek nie. Ons hoef nie te luister na 'n progressiewe Amerikaanse biskop wat ons vertel dat dit nodig is om "groot te word" nie ... **Ons staan saam met die wêreldwye kerk – nie 'n kulturele liberale kerklike elite in die VSA nie**. (Jonathon Van Maren, "Hoe gelowige Afrikane die Verenigde Metodiste Kerk weerhou het daarvan om dieselfdegeslag-huwelike te aanvaar", *LifeSiteNews.com*, 1 Maart 2019, klem bygevoeg).

Kulah se vurige – dog deernisvolle – toespraak teen onlangse neigings in die Metodiste Kerk, weerspieël die gevoelens van baie mense in die "globale Suide". Die reaksie was veelseggend toe 'n prominente Anglikaanse biskop verklaar het: "Om eenvoudig net te sê dit druis in teen die tradisie en die leerstellings van die kerk en Skrif, maak dit nie noodwendig verkeerd nie":

> So 'n liberale interpretasie het baie kerkleiers in die globale Suide wie 'n streng gehoorsaamheid aan die skriftuurlike gesag bevestig het, geskok en teleurgestel. Volgens die Nigeriese aartsbiskop, Peter Akinola, die mees waarneembare kritikus van die Noordelike liberaliste: "Ek het nie die Bybel geskryf nie. Dit is deel van ons Christelike erfenis. Dit vertel ons wat om te doen. As die Woord van God sê dat homoseksualiteit 'n gruwel is, dan is dit so" (Jenkins, bl. 3).

Dit is nie die stemme van slegs 'n klein aantal gelowiges nie. Die oorweldigende fundamentalistiese "globale Suide" is groot, maar Westerse kulturele vooroordeel sien dit dikwels nie raak nie. In 2015 was Latyns-Amerika en Afrika verteenwoordigend van meer as een miljard belydende Christene, met 'n bykomende 350 miljoen wat in Asië woon en dié getalle styg steeds (Wes Granberg-Michaelson, "*Think Christianity is dying? No, Christianity is shifting dramatically*", *Washington Post*, 20 Mei 2015).

Indien Westerlinge glo dat hulle nasies steeds die meerderheid van belydende Christelikheid verteenwoordig of die standaard daarvoor stel, is hulle baie verkeerd.

**Sal 'n ware "herlewing" kom?**

Dit behoort ons te herinner aan Jesus se berisping van die ongelowige mense van Sy tyd (Matthéüs 11:20-24). Toe godsdienstige leiers skepties was oor Sy boodskap, het Hy gesê: "Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel ... Die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel" (Matthéüs 12:41-42). *Christus het gepraat van heidene wat eendag die ongeloof van die Israeliete wat die waarheid verwerp het, sal oordeel!*

Wat ons vandag sien, is die globale Suide se *kulturele reaksie* teen die Weste se onBybelse sedes en teologie.

Antieke profesieë het egter sulke gebeure voorspel. Moses het die Israeliete gewaarsku: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE" (Deuteronómium 31:29). Die profeet Jeremia het die Israelitiese godsdienstige leiers gewaarsku: "... die wat die wet handhaaf, het My nie geken nie" en die "smekende geween van die kinders van Israel ... omdat hulle hul weg verdraai het, die HERE hulle God vergeet het" (Jeremia 2:8; 3:21). God het

*Vervolg op bladsy 20*

# Een man, een vrou: Een gelukkige huwelik!

**Deur Richard F. Ames**

*Selfs terwyl die Westerse nasies vergeet het wat die huwelik werklik is, kan u die gelukkige huwelik hê wat God vir u bedoel het. Die waarheid oor die huwelik word nie in enige nasie se wetgewing gevind nie; dit word gevind in die gesonde beginsels vir 'n Christelike huwelik soos vervat in u Bybel! Gebruik hierdie beginsels om u ongelukkige huwelik gelukkig te maak of om u gelukkige huwelik, selfs gelukkiger te maak!*

Vir baie mense in vandag se samelewing is die huwelik net nie wat dit was nie! Paartjies in die Verenigde State en baie ander lande, trou later as ooit tevore in hulle lewe ... en hierdie paartjies wat in die huwelik wil tree, sluit nou manlike en vroulike pare in. In die uiterste gevalle ondersoek 'n paar mense, selfs sologamie en poligamie – om met jouself te trou of 'n “huwelik” met drie of meer persone. Die meeste van ons rol vandag ons oë en spot met die idee dat ons nasies ooit sulke reëlings sou aanvaar. Ons behoort nie te vergeet dat die meeste mense 'n dekade of twee gelede, die idee van 'n “huwelik” met dieselfde geslag belaglik en selfs ondenkbaar gevind het nie!

Die *Pew Foundation* het onlangs berig dat die gemiddelde ouderdom waarop Amerikaners vir die eerste keer trou, nog nooit so hoog was nie: 30 jaar vir mans en 28 jaar vir vroue (“*8 Facts about love and marriage in America*”, *Pew FacTank*, 13 Februarie 2019). Om te hertrou is ook aan die toeneem: In 2013 was 23% getroude mense minstens een keer tevore getroud, in vergelyking met slegs 13% in 1960 (*ibid.*). Te midde van dit alles het egskeiding onder ouer Amerikaners toegeneem. Sedert 1990 het die egskeidingsyfer vir mense ouer as 50 byna verdubbel en byna verdriedubbel vir mense ouer as 65 (“Gelei deur die 'Baby Boomers' [mense wat gebore is tussen 1946 – 1964] het egskeidingsyfers verhoog vir Amerika se 50+ populasie,” *Pew FacTank*, 9 Maart 2017). Dit is duidelik dat die tendense en statistieke nie bemoedigend is vir die huwelik nie.

Die goeie nuus is dat u 'n individu is, nie 'n statistiek nie. Dit maak nie saak wat ander mense doen nie, u kan 'n gelukkige huwelik hê – indien u die onfeilbare leiding van die Bybel volg en die gevaarlike tendense van die moderne samelewing weerstaan.

Die huwelik kán vreugdevol wees. Dit kan egter ook 'n uitdaging wees. Ek weet dit uit dekades van persoonlike ervaring. In die meer as 50 jaar wat ek en my vrou getroud is, het ons soms probleme ondervind vanweë ons menslike natuur. Die Bybel gee egter vir ons waardevolle riglyne en geheime vir 'n suksesvolle, Godgesentreerde huwelik. Hierdie beginsels sal nuttig wees indien u en u gade Christene is, maar dit kan selfs help al is een van u 'n ongelowige. Indien u hierdie beginsels in u huwelik toepas, soos ek en my vrou gedoen het, sal die resultate u nie teleurstel nie! U kan 'n ongelukkige huwelik in 'n gelukkige huwelik verander of 'n gelukkige huwelik selfs gelukkiger maak!

**Kommunikasie bou brûe**

Vind u en u gade dat persoonlike verskille u uitmekaar hou of kan u die verskille oorbrug om groter begrip en waardering vir mekaar te kry? In my eie lewe het ek geleer dat wanneer ons in liefde kommunikeer ek en my vrou 'n baie gelukkiger paartjie is. My vrou was 'n musiekonderwyseres en 'n talentvolle violis voordat ek met haar getroud is. Ek, aan die ander kant, is opgelei as 'n ingenieur. Sommige mense mag aanvaar dat my analitiese denke haar subjektiewe manier van situasies beskou sou aanvul, maar ons

het gevind dat ons hard moes werk om mekaar te verstaan.

Onthou dat kommunikasie ook effektiewe, geduldige luister beteken en nie nét effektiewe praat nie! Hoe dikwels wanneer paartjies in gesprek tree, "hoor hulle mekaar maar luister nie"? Ons behoort met begrip te luister, met ander woorde, probéér om die ander persoon se standpunt in te sien. Probeer om u gade se gevoelens en behoeftes te verstaan! Toon respek deur u volle aandag te gee. Ek mag dalk nooit ten volle verstaan hoe my vrou dink nie, maar ek het geleer om die wysheid wat sy verkry het uit haar perspektief, te waardeer.

Hoe kan ons egter luister as ons skaars met mekaar praat? Daar is in sommige studies bevind dat baie paartjies minder as 20 minute per week in gesprek deurbring! Dit sou ideaal wees as ons dit kon verander, maar in besige tye en moeilike ekonomiese omstandighede is dit makliker gesê as gedaan. Gelukkig het navorsers 'n strategie gevind wat u kan gebruik om munt te slaan uit die kort tydjie wat u saam het – die vier-minuut-kontak-reël. In hulle boek *Contact: The First four Minutes*, verduidelik dr. Leonard Zunin en sy vrou, Natalie Zunin: "Die sukses of mislukking van 'n huwelik ... kan afhang van wat tussen 'n man en vrou gebeur gedurende net agt minute van die dag – vier in die oggend wanneer die paartjie wakker word en vier wanneer albei ná die werksdag tuiskom" (bl.133). U taal, houding of uitdrukking aan die begin van die dag kan die hele dag se verhouding beïnvloed. Leer om 'n positiewe, liefdevolle gesindheid te openbaar gedurende die eerste vier minute wat u aan die begin van die dag bymekaar is. Wys dat u omgee. Wees respekvol, liefdevol en geduldig. Onthou: "Die liefde is lankmoedig en vriendelik" (1 Korinthiërs 13:4). Die Nuwe Lewende Vertaling stel dit so: "Die liefde is geduldig en vriendelik".

Die Apostel Paulus gee ons 'n ander fundamentele beginsel om doeltreffend te kommunikeer: "... maar, terwyl ons **in liefde die waarheid** betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus" (Efésiërs 4:15). Sommige mense praat die waarheid maar is kwetsend. Christene wat volwassenheid in Christus bereik, sal **besorgd** wees oor die effek wat hulle woorde en boodskap op die luisteraar het.

Wees versigtig in u gesprekke. Praat die waarheid in liefde! Maak seker dat u in liefde luister. U mag dalk meer in gemeen hê met u gade as waarvan u bewus is. Ek is nooit as musikant opgelei nie, maar ek het grootgeword in 'n huishouding waar my pa die viool bespeel het. My vrou se waardering vir pragtige musiek het my lewe verryk as gevolg van die feit dat ek die blootstelling wat ek as kind daaraan gehad het kon voortsit. Dit het my selfs aangemoedig om klavier te probeer speel. Ek is nie opgelei nie en ek is nie baie goed nie, maar om 'n paar minute op die klavier te speel, selfs as 'n amateur, kan vir my baie kalmte bring en my vrou spreek dikwels haar waardering daarvoor uit. Dit bring ons selfs nader aan mekaar!

**Romantiek voeg vreugde by**

U het waarskynlik al die uitdrukking gehoor, "Dit is die klein dingetjies wat tel". Elke vriendelike woord van waardering maak 'n verskil. Navorsing het ook getoon dat iets so eenvoudig soos 'n drukkie spanning tussen man en vrou kan verminder. Behalwe vir spontane drukkies, maak ek en my vrou dikwels 'n punt daarvan om mekaar 'n drukkie te gee wanneer ons uitmekaar gaan om aan verskillende projekte in die huis te werk. Jare gelede het ek 'n versekeringsverslag gelees waarin verklaar word dat mans wat hulle vroue soen voordat hulle werk toe gaan, minder motorongelukke maak en 30% meer geld verdien as dié wat hulle vrouens *nie* soen nie. Natuurlik het ek 'n gereelde gewoonte daarvan gemaak om my vrou te soen voordat ek werk toe gaan. Eendag het ek haar egter nie gesoen nie en ek het met my motor agteruit teen 'n boom vasgery! Alhoewel daar baie min skade was, het ek my les geleer. Ek maak nou seker dat ek my vrou elke oggend soen!

Ander liefdevolle en weldeurdagte dade kan daartoe bydra om die romanse lewendig te hou. 'n Bedagsame en liefdevolle man gee dikwels vir sy vrou 'n bos blomme op 'n

huweliksherdenking en sal dit selfs op ander onvoorspelbare tye heeltemal as 'n verrassing doen. 'n Kreatiewe en liefdevolle vrou kan haar man verras met 'n spesiale geskenk of ete. Hierdie klein blykies van waardering kan 'n groot verskil maak. God het ook bedoel dat man en vrou een vlees sal word en die fisiese plesier van seks in die huwelik sal geniet! Kort nadat hulle geskape is het God vir Adam en Eva gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder" (Génesis 1:28). Die Bybel is baie duidelik: God het seks geskep vir die huwelik en om 'n gesin tot stand te bring. Onthou egter die Bybel onthul ook dat die huwelik nét tussen 'n man en 'n vrou is. In die Bybel – en in die **werklike wêreld** van geestelike, Goddelike wet – is **daar nie so iets soos** "die-selfde-geslag huwelike" nie! Die Bybel openbaar duidelik dat enige seksuele verhouding buite die huwelik **sonde** is! "Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel" (Hebreërs 13:4).

**God beveel ons om lief te hê!**

Is liefde 'n "opsie"? Glad nie! God beveel my, as 'n man, om my vrou lief te hê! Ek moet aan God rekenskap gee vir my gesindheid, diens en toewyding aan haar. Let daarop dat God **nie** allerhande soorte opsies gegee het om dit vry te spring nie. Hy sê **nie,** "**as** u vrou volmaak is, **dan** moet u haar liefhê" nie. ***Nee!*** God **beveel** u om u vrou **lief te hê.** Dit is **u verantwoordelikheid**! Om u vrou lief te hê is 'n vereiste – nie 'n opsie nie! Die Skrif vermaan ons: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. So behoort die mans hul eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente" (Efésiërs 5:25-29).

Vroue het ook 'n opdrag van God: "Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees" (Efésiërs 5:22-24).

Let daarop dat God **nie** sê dat u u slegs aan 'n **volmaakte** man behoort te onderwerp nie. Ek weet nie van enige volmaakte mans nie. Slegs Christus is volmaak! Namate elkeen van ons egter sy eie Godgegewe verantwoordelikhede opreg en ywerig vervul – hoe onvolmaak ook al – sal God daardie huwelik selfs meer seën! Onthou ook, net in die vorige verse, skryf Paulus dat alle Christene 'n dankbare gesindheid moet handhaaf. Hoe? Paulus sê: "... terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God" (Efésiërs 5:20-21). As man en vrou het u elkeen hierdie verantwoordelikheid teenoor u gade.

**Moet nooit oneerboedig wees teenoor u gade nie!**

Indien ons met onsself eerlik is, moet ons erken dat ons menslike swakhede het en soms volgens ons vleeslike menslike natuur optree. Mans en vrouens sal mekaar ontstel en soms argumenteer. Selfs na 'n huwelik van 50 jaar het ek en my vrou af en toe onenigheid. Hoe kan ons ons bes doen om dit op te los? Die antwoord kan gevind word in 'n belangrike beginsel uit die Skrif: "Moenie iets doen uit **selfsug** of uit **ydele eer** nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër **ag** as homself" (Filippense 2:3).

Waardeer u u gade genoeg? Respekteer u u eggenoot **werklik** as 'n mens wat geskape is na die beeld van God? Die Bybel beveel elkeen van ons om ander hoër as onsself te **ag**. U moet die heel beste vir u gade verlang en ook bereid wees om alles te doen wat u kan ter ondersteuning van sy of haar ontwikkeling. Sien u eggenoot se ontwikkeling raak en doen wat u kan om dit aan te moedig met u eie optrede van geduld en ondersteuning en met u liefdevolle voorbeeld. Dit is baie belangrik om te onthou daar is geen regverdiging om u gade,

**fisies *of* verbaal,** te mishandel nie. Indien u dit doen, moet u u daarvan bekeer! U behoort u gade van meer waarde te ag as uself. U behoort hom of haar nie as 'n deurmat of slaansak te gebruik nie. Soms kan 'n argument hand-uit ruk en ons kan dinge sê waaroor ons later spyt is. As dit gebeur, verootmoedig uself voor God en vra vir Sy vergifnis en maak ook seker dat u u maat om verskoning vra. Ek weet persoonlik dat dit soms moeilik is om te sê, "Ek is jammer". Dit is egter die moeite werd om dit te doen en kan baie daartoe bydra om die verhouding te genees en te herstel!

Hou in gedagte dat u en u gade "mede-erfgename van die genade van die lewe is" (1 Petrus 3:7). Dit is noodsaaklik om te **verstaan** hoe waardevol **elke** mens vir God is en dit sluit u eggenoot in, ongeag u mening oor hom of haar. Elke mens op aarde het die potensiaal om in die Goddelike Gesin van God gebore te word as een van Sy verheerlikte, onsterflike kinders. Paulus skryf: "Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige" (2 Korinthiërs 6:18). Wees altyd bewus van u gade se wonderlike potensiaal.

**Vergifnis genees verhoudings**

Hoe dikwels het u argumente met u gade? Dit is nodig dat almal van ons selfbeheersing, hoflikheid, eer en respek beoefen. Soms is die beste strategie in 'n argument om te onthou: "'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af" (Spreuke 15:1). Soms is dit nodig dat ons ons eie verantwoordelikheid erken. Moontlik het ons persoonlik bygedra tot die probleem. Ek weet dit kan baie moeilik wees wanneer ons trots in die pad is. Ek het dit self ervaar. Om net te sê, "Ek is jammer" kan heelwat bydra tot die oplossing van konflik. Dit is beslis nodig dat ons mekaar vergewe. Onthou die wonderlike opdrag in u Bybel: "Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; **vergeef** mekaar soos God ook in Christus julle **vergewe** het" (Efésiërs 4:32).

'n Ander Skrifgedeelte beklemtoon ook hierdie punt: "Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en **vergewe** mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. En *beklee julle* bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is" Kolossense 3:12-14).

**Gebed bring paartjies nader aan mekaar!**

Baie van u wat hierdie artikel lees, is getroud met ongelowiges. Mense wat al 'n geruime tyd die *Wêreld van Môre lees,* verstaan dat u nie iemand kan oorreed om in Christus te glo nie. U kan egter tot God bid vir Sy ingryping en vir die sukses van u huwelik. Verder het u 'n kragtige handleiding tot u beskikking – toerusting wat kragtiger is as u woorde. Ons lees, "Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word" (1 Petrus 3:1). U liefdevolle Christelike **voorbeeld** kan 'n besonder positiewe invloed op u gade hê.

Indien u en u gade albei gelowiges is, probeer om hardop saam te bid. Ek was al baie verbaas om te ontdek hoeveel intieme en persoonlike gedagtes te voorskyn kom wanneer ons dit met mekaar en met God deel in gebed.

**Gee 100 persent!**

U het dalk al die ou gesegde gehoor, "Die huwelik is 'n 50-50-onderneming". Daardie gesegde is **heeltemal verkeerd!** Kan u sien wat daarmee verkeerd is? Die huwelik is 'n algehele toewyding, maar die 50-50-benadering behels dat u vir uself 'n persoonlike uitweg uitsonder indien u gade se 50% nie genoeg is nie. Onthou Paulus skryf dat ons "die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang" (Handelinge 20:35). Of, soos die Nuwe Vertaling dit stel: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang." Ware liefde is om te gee sonder om enigiets terug te verwag. Wanneer man en vrou **albei** 100% gee, het u 'n sterk band, 'n sterk oorvleueling met mekaar wat toegeeflikheid en die vermoë bied om krisisse en probleme te hanteer. Wanneer

een gade deur 'n moeilike tyd gaan, sal die ander een daar wees, gereed om te help. Daarenteen verseker die 50-50-benadering dat u u eggenoot se ondersteuning sal verloor wanneer u dit die meeste nodig het!

Hou in gedagte dat u dit nie moet verwaarloos om van u persoonlike **tyd** af te staan nie! 'n Paar jaar gelede, toe ek baie aan sport deelgeneem het, was ek geneig om my vrou af te skeep wanneer dit by tyd wat ons saam moes deurbring gekom het. Ek onthou nog een keer toe ek besluit het om tyd saam met haar te spandeer aan 'n spesiale aktiwiteit waarvan sy sou hou. Sy wou op 'n kano gaan roei, wat beslis nie my gunsteling aktiwiteit was nie. Ons het tog op 'n Sondagmiddag op die Oos-Texas-meer gaan roei, omring deur dennebome, blou lug, watervoëls en vrede! Wat ek as 'n opoffering van my tyd beskou het, het gelei tot 'n versterkte verhouding – my vrou het die aktiwiteit geniet en my moeite waardeer. Verbind uself daaraan om meer te **gee** as wat u in die verlede gedoen het. Verbind uself daartoe om maniere te vind om aan u gade tyd af te staan. Wanneer u dit doen, sal u frustrasies verminder en God sal u seën in u verhouding. Weereens, soos Jesus gesê het: “Dit is saliger om te gee as om te ontvang.”

Namate u daaraan werk om die kwaliteit van u huwelik te verbeter, kan u 'n ander voordeel ervaar: 'n Langer lewe! In 'n artikel in die November 2018-uitgawe van *Health Psychology* was daar 'n berig dat, nadat daar gekontrolleer is vir ander faktore soos ouderdom en vooraf-bestaande siektes, individue wie gerapporteer het dat hulle huwelik “baie gelukkig of redelik gelukkig” is, gemiddeld 'n langer lewensduur gehad het as individue wat hulle huwelik as “nie so gelukkig” beskryf het (“*Marital satisfaction and mortality in the United States*”, *Health Psychology,* November 2018, bll. 1041-1044). Nee, 'n gelukkige huwelik sal u nie vir ewig laat leef nie, maar selfs die wetenskap dui daarop dat dit tot 'n langer lewe kan lei!

Geagte lesers, u kan 'n gelukkige huwelik hê en u kan dit selfs gelukkiger maak! U hoef nie te wag vir u eggenoot om te verander nie. Trouens u kan u eggenoot nie dwing om te verander nie, maar u kan uself verander en u voorbeeld van liefde en diensbaarheid kan 'n baie positiewe invloed hê op u gade. U kan dit egter nie alleen doen nie. U het die hulp van u Verlosser nodig! Soos Paulus skryf: “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee” (Filippense 4:13).

Ons leef in 'n wêreld van verwarring, waar minder mense verstaan wat die huwelik veronderstel is om te wees. U hoef egter nie 'n slagoffer van daardie verwarring te wees nie. Volg hierdie beginsels en u kan gelukkig lewe as man en vrou en voordeel trek uit die beste huweliksraad wat beskikbaar is – die raad van God en Sy Woord!


# Bou ’n VREUGDEVOLLE huwelik

***Daar is werklik “sleutels” en beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het en wat wel tot ’n VREUGDEVOLLE huwelik kan lei.***

***Sukses in ’n huwelik hang af van ons gewilligheid om hierdie sleutels TOE TE PAS in ons lewens.***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

# Vinnig om te oordeel

## Die moderne wêreld ignoreer antieke wysheid

### Deur Roger Meyer

Baie mense is deesdae vinnig om ander te veroordeel wanneer hulle 'n beskuldiging hoor of sien – selfs al is daar geen bewyse nie. Op sosiale media versprei nuus soos 'n veldbrand vol haatlike, venynige opmerkings en gruwelike dreigemente – soms sluit dit ook liggaamlike skade en dood in – teenoor die beskuldigde.

Selfs party professionele joernaliste fel 'n oordeel voordat hulle al die feite gekry het. Dit blyk minder belangrik te wees om inligting te kontroleer as wat dit is om eerste te wees met publikasie en voordeel te trek uit sensasie.

Vandag se samelewing is verward en in 'n hoë mate verdeeld – polities, godsdienstig, rasioneel en op ander maniere. Emosies vlam op soos dinamiet en word aan die gang gesit deur die geringste provokasie. 'n Sosiale mediastorm bars los voordat enige bronne nagegaan of bevestig is. Dikwels, wanneer feite aan die lig kom en die aanklagte as vals bewys word, mag 'n halfhartige terugtrekking gemaak word. Al te dikwels verdwyn die kwaadstokers soos mis voor die son tot die volgende skandaal.

Waarom het "gou om te oordeel" die norm geword? Waarom is almal so vinnig om te veroordeel, wat slegs gebaseer is op beskuldigings sonder enige bewyse? Die oproer in Amerika oor die verslag deur spesiale raadgewer Robert Mueller – 'n verslag wat baie mense in die media lankal sommer net aangeneem het, 'n sameswering tussen die Amerikaanse president Donald Trump en Rusland sou toon, alhoewel dit nie so was nie – is net 'n onlangse voorbeeld.

Wyse vermanings teen haastige oordeel word uitgespreek in die Bybel, waar ons vermaan word dat "elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word" (Jakobus 1:19). Kan u u voorstel hoe stil sosiale media sou word as almal daardie wysheid sou uitoefen?

Spreuke bied stof tot nadenke vir diegene wat haastig is om woorde van veroordeling uit te spreek. Byvoorbeeld, "'n Dwaas laat al sy toorn uitvaar, maar 'n wyse bring dit eindelik tot bedaring" en "Het jy 'n man gesien wat haastig is in sy woorde? Vir 'n dwaas is daar meer hoop as vir hom" (Spreuke 29:11, 20). Nog 'n wyse gedagte word in Spreuke 17:27 vermeld: "Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand."

Te veel mense is gereed om diegene wat nie saamstem met hulle gunsteling argument nie, te veroordeel of hulle vooroordeel nou polities, godsdienstig, rassisties, of wat ookal van aard is. Daar word in Levítikus 19:15 gesê: "Julle mag geen onreg doen in die gereg nie" of dit nou partydigheid is teenoor die armes of die magtiges.

Diegene wat vinnig is om hulle opinies te lug op sosiale media, mag dit dalk oorweeg om God se opdragte in gedagte te hou. Ons word vertel God haat "'n hart wat onheilsplanne beraam, voete wat haastig na die kwaad toe loop ... en tussen broers tweedrag saai" (Spreuke 6:18-19). Deelnemers aan sosiale media is vinnig om deel te neem voordat feite bekend is asook om hulle verdediging of veroordeling uit te spreek, afhangende van hulle partydigheid en voorkeur wat bydra tot die onenigheid.

God wil hê dat diegene wat aangestel word om uitspraak te lewer dit sal doen met insig, nie met verdraaide geregtigheid nie. Hulle moet dus nie partydigheid (voortrekkery) betoon nie maar aanhang wat heeltemal regverdig is (Deuteronómium 16:18-20). Te veel mense op sosiale en die nuusmedia stel hulleself as regters aan en betoon oordrewe vooroordeel.

Spreuke waarsku ons ook, "Gaan nie haastig uit om te twis nie; anders, wat sal jy ten slotte doen as jou naaste jou in die skande steek? Verdedig jou saak teen jou naaste, maar openbaar 'n ander se geheim nie, sodat een wat dit hoor, jou nie beskimp en jou slegte gerug nie ophou nie" (Spreuke 25:8-10). Persone wat dit doen, verloor hulle geloofwaardigheid en professionele reputasies is inderdaad al verwoes deur soortgelyke regsgedinge en beskuldigings.

Ons kan nie beheer wat ander mense sê of doen nie, maar ons kan *onsself* beheer. Vir meer inligting, kyk na "*The Dangers of Social Media*" en lees "*Tame the Social Media Monster*" op *TomorrowsWorld. org.* WvM

# Vir watter rede? Waarom is ons in die ruimte?

## Deur Gerald Weston

*Met so baie probleme tuis,*
*Wat hoop ons om te bereik?*
*Is die beloning van ruimtereise die risiko's*
*werd of mis ons dalk iets?*

Dit was Junie 1969 en 'n vlieënier was besig om 'n vreemde soort toestel op 'n oefenvlug te neem – 'n ongemaklike masjien – glad nie prakties om mee te reis nie. Dit was gevaarlik en moeilik om te beheer. Binne-in was 'n primitiewe rekenaar wat veronderstel was om die vlug te beheer, maar dit het nie baie goed gewerk nie en toe die rekenaar ophou werk, het die vlieënier oorgeneem. Maak nie saak wát gedoen sou word nie, dit sou neerstort. Hierdie vlieënier het al meer as een keer die dood verkul en het 'n reputasie gehad dat hy tot op die laaste oomblik in sy vliegtuig bly – net 'n oomblik voordat dit te laat sou wees om uit te skiet.

Slegs 'n maand later sou hierdie selfde vlieënier 'n soortgelyke toestel op een van die mees gewaagde avonture in die geskiedenis van die mens loods en dit sou foutloos moes verloop. Op 16 Julie 1969 het ons waaghalsige vlieënier en twee ander dapper manne bo-op die ekwivalent van 'n groot vuurklapper gesit en daarop gewag om van die aarde af gelanseer te word. Indien dit suksesvol was, sou hierdie 6-miljoen-pond, 36-verdieping Romeinse kers drie manne veilig na hulle bestemming 'n kwart-miljoen myl weg, neem – na die Maan.

Vier dae na die lansering van die aarde af was ons vlieënier weereens in beheer van een van hierdie vreemde vliegtuie, maar hierdie keer was daar geen moontlikheid vir uitskiet of terugkeer nie. Hulle was in 'n wentelbaan wat hulle na die eerste maanlanding en 'n plek in die geskiedenisboeke sou neem.

Nadat hulle 'n paar keer om die maan gewentel het, het Neil Armstrong en Buzz Aldrin afskeid geneem van mede-ruimtevaarder Mike Collins. Hulle het die maanlandingstuig van die Apollo 11-ruimtetuig geskei en afwaarts begin daal om te land. Armstrong en Aldrin het op 'n hoogte van twaalf myl oor die Maan gevlieg en toe begin om na die oppervlak neer te daal. Alles het glad verloop, volgens die boek, maar op ongeveer 2,000 voet van die oppervlak af het alarms weerklink. Die rekenaar kon nie die data hanteer nie en het opgehou werk. Armstrong het die kontroles oorgeneem.

### Merkwaardig waaghalsig

In daardie situasie het prosedures bepaal dat die missie laat vaar moes word, maar Armstrong het voortgegaan en niemand was van plan om hom te probeer keer nie. Die landing van 'n maantuig word beskryf as soortgelyk daaraan om 'n Boeing 747 vanuit die passasierskajuit te land. Dit was egter nie die enigste probleem nie. Die landingsplek was besaai met groot rotse en met die brandstof wat sorgwekkend min was, moes 'n alternatiewe terrein gevind word. Uiteindelik het daardie gerusstellende woorde gekom terwyl 'n luisterende wêreld wat op die rand van hulle sitplekke gesit het: "*The Eagle has landed".*

Niemand weet verseker nie, maar volgens 'n CBS-nuusbron het ons dapper ruimtevaarders dalk so min as sewe sekondes, maar beslis nie meer as 'n minuut nie, se brandstof oorgehad, voordat hulle die landing sou moes laat vaar en dus nie weer kon aansluit by Mike Collins nie. Hy was in beheer van die module wat om die Maan gewentel het. Daar sou geen moontlikheid vir redding wees nie. Dit sou 'n gewisse dood gewees het.

In 2019 is die vyftigste herdenking van die Apollo 11-

sending gevier en die onsterflike woorde wat Neil Armstrong op 20 Julie 1969 geuiter het: “Dit is 'n klein treetjie vir die mens en 'n reuse sprong vir die mensdom”. *[“That's one small step for man and one giant leap for mankind”.]* Hy het hierdie woorde geuiter toe hy die eerste mens geword het om sy voete op die maan te sit. Oor die volgende drie en 'n half jaar het mede-ruimtevaarder Buzz Aldrin en tien ander mans in sy voetspore gevolg, maar hy was die eerste om op die Maan te loop en niemand het dit nog sedert Desember 1972 gedoen nie.

Sameswering-entoesiaste ontken die feit dat die bemande maanlandings ooit gebeur het en waarskynlik sal niks hulle anders oortuig nie. Feitlik al hulle besware is al afgeskiet en talle onafhanklike bevestigings van regoor die wêreld staaf die feit van die ses landings. Een van die oortuigendste bevestigings kom van die voormalige Sowjet-Unie. Tot vandag toe het Rusland nooit hierdie landings betwis nie, alhoewel dit in die middel van die Koue Oorlog belangrike openbare betrekking-prestasies vir Amerika was. Indien iemand sou weet dat die landings bedrog was, sou dit die Sowjet-Unie wees, met hulle eie tegnologie en opsporingstelsels.

Japan, Indië en China oorweeg al drie bemande missies na die Maan ná die 47-jaar lange onderbreking en mens kan wonder waarom dit die mensdom so lank neem om hierdie groot avontuur voort te sit. Ten tye van die eerste landings was daar 'n algemene gevoel dat dit die begin was van die mens se verkenning van die heelal. Trouens, het Neil Armstrong dit nie te kenne gegee, toe hy met die woorde “een reuse sprong vir die mensdom” die Maan betree het nie?

In baie opsigte lyk dit asof die “reuse sprong” op die langebaan geskuif was.

**'n Passie om terug te keer ... dog teen 'n prys**

Ons sien egter nou 'n opwellende belangstelling “om moedig te gaan waar niemand nog voorheen gegaan het nie”. Ander nasies begin ook deelneem aan die spel. Privaat maatskappye bou vuurpyle en bied geleenthede vir ruimtetoerisme. Daar word selfs daarvan gepraat om na Mars te gaan.

In 2013 het *Mars One*, 'n Hollandse privaat maatskappy, begin om 'n eenrigting-reis na die rooi planeet te adverteer met die doel om 'n kolonie daar te vestig. Hulle maak daarop aanspraak dat hulle sowat 200,000 gretige vrywilligers van regoor die wêreld het wat nou tot 'n lys van 100 belangstellendes beperk is. Hulle beplan om reeds in 2023 met die reis te begin.

Skeptici glo dat die hele onderneming 'n bedrogspul is, aangesien die nodige tegnologie eenvoudig nog nie op hierdie stadium bestaan nie. Volgens *The Verge*-netwerk het *Mars One* op 15 Januarie 2019 bankrotskap verklaar, wat skeptici se bewerings geloofwaardig maak. Of die probleem bloot blatante bedrog is of die gevolg is van oormatige optimistiese ambisies, wag nog om gesien te word. Wat hierdie mislukte onderneming egter beklemtoon, is dat ruimtereise nie so maklik is as wat baie mense dink nie. Dit is duur en ingewikkeld en dit help om die 47-jaar gaping te verduidelik.

Ruimtevaart het die mens se verbeelding vir meer as 'n eeu aangegryp. Jules Verne se 1865 roman *From the Earth to the Moon* vertel die verhaal van drie mans wat met 'n kanon na die maan geskiet is. Wel, Verne het ten minste die bestemming en die aantal mans reg gehad, maar ruimtevaart het bewys dat dit 'n groot uitdaging is, selfs wanneer ons na ons naaste buurman reis.

Die eenstemmigheid wat bereik is kort ná die eerste bemande maanlandings, was dat die koste en moeite, ruimtevaart onprakties maak. Een Apollo maansending is geskrap as onnodig en drie ander is gekanselleer weens die koste. Met verloop van tyd het die publiek ook die les geleer dat om buite ons planeet te reis, gevaarlik is. Rusland asook Amerika het verskeie sterftes gehad in pogings om streke buite Aarde se atmosfeer te verken en Ilan Ramon van Israel was een van die ruimtevaarders op die ruimtependeltuig, *Columbia*, toe dit uitmekaargebreek het met die terugkeer. Talle “amper mislukte pogings” getuig van die gevare verbonde aan hierdie avonture.

Ons woon op 'n pragtige

tuiste wat ons Aarde noem. Ons het alles wat ons nodig het om oorvloedige en gelukkige lewens te lei. Ons het nietemin 'n aangebore begeerte om te verken en die “laaste grens” lyk of dit ons nader wink. Soos ons egter uit ondervinding geleer het, is die heelal buite ons atmosfeer 'n vyandige omgewing. Dit mag opwindend lyk, maar die werklikheid is baie anders. Daar is 'n gevoel van realisme in die ruimtevaarder Scott Kelly se beskrywing van sy jaarlange avontuur aan boord van die Internasionale Ruimtestasie. Ons sien foto's van manne en vroue wat gewigloos sweef in die zero-swaartekrag binne die ruimtestasie, maar hoor min van die probleem van die opbouing van koolstofdioksied wat hoofpyn en 'n dowwe verstand veroorsaak. Ons sien rolprenttonele van ruimtevaarders wat rondsweef, soos George Clooney en Sandra Bullock gedoen het in die film “*Gravity*”, maar daardie glansryke fiksie is ver verwyder van die werklikheid af. Om vir ure in 'n beknopte posisie te sit terwyl 'n mens 'n verskriklike ongemaklike pak dra en voorberei vir 'n ruimtewandeling, is eenvoudig nie iets wat goed oorgedra kan word in 'n 90-minuutlange rolprent nie. Nog minder kan die ongemaklike realiteit daarvan weerspieël word om “ruimteluiers” [doeke] te dra, omdat mens nie die ruimtepak kan uittrek tydens die ure van wag, lanseertyd en werk in die ruimte nie. Die deurslaggewende faktor van die saak is dat ruimtereise nie so glansryk is as wat dit op televisie en in die rolprente lyk nie.

Om bo-op tonne onstabiele vaste en vloeibare brandstof in massiewe vuurpyle te ry is gevaarlik. Dit is iets wat ek eerstehands gesien het in die 1960's terwyl ek op die Vandenberg Lugmagbasis aan die kus van Kalifornië gewoon het. Wanneer 'n missiel gelanseer is, het ons almal na buite geskarrel om te gaan kyk – of dit by die huis of by die skool was. Die aanskoulikheid en kombinasie van geluide, beelde en gedreun wat mens kon voel wanneer 'n vuurpyl gelanseer word, is iets om te beleef. As tieners was ons nooit teleurgesteld wanneer een ontplof het of vernietig moes word wanneer dit van koers af gegaan het nie. In daardie stadium van ons lewe het ons nie die belasting betaal wat die missiel befonds het nie en die ontploffings het al die ander vuurwerkvertonings oortref. Alhoewel al die lanserings vanaf die Weskus onbeman was, het daardie missiele dieselfde vlugtige brandstofbron gebruik as die bemande vlugte en hierdie kragtige lanserings het vir my jong gemoed al die gevare wat betrokke is, geïllustreer. Baie kan en gáán verkeerd.

**'n Vraag wat die moeite werd is om te vra**

Ek stel glad nie belang daarin om die mens se soeke na avontuur en die begeerte om die onbekende te verken te ontmoedig nie. Die vraag moet egter gevra word: “Gaan na die Maan – vir watter rede?”

Elkeen van ons neem alledaagse risiko's of ons nou so dink of nie. Dit geld in honderde gevalle, maar veral wanneer ons in 'n motor, bus, trein of vliegtuig klim. Daar bestaan altyd 'n risiko dat iets verkeerd kan gaan. Daar is 'n risiko aan verbonde wanneer die dokter u opereer en soos advertensies op die televisie dit duidelik maak, u loop risiko's wanneer u die nuutste medisyne gebruik. Na die eerste deel van 'n advertensie vir 'n wondermedisyne – kompleet met glimlaggende mense wat Frisbee met 'n gelukkige hond speel – kom die waarskuwings. Die volgende advertensie is van 'n regspraktyk wat die farmaseutiese maatskappye dagvaar vir hulle foute. Selfs wanneer u kos inneem, dra dit 'n geringe risiko – onthou u die Heimlich-maneuver?

Wanneer dit kom by ruimtevlugte, sal die meeste van ons verkies om ons voete stewig op die gronde te hou. Ruimtereise vereis 'n spesiale soort waaghals. Die adrenalien inspuiting wat die gevolg is van op die rand van die dood te wees, is waarom baie ruimtevaarders voormalige toetsloodse is. Dit kan nie maklik wees vir gesinslede om saam met sulke individue te leef nie. Hulle wonder altyd watter nuwe manier hulle gesinslid gevind het om homself te verongeluk. Wanneer dinge verkeerd gaan, word ouers, gades en kinders agtergelaat. Hulle waardeer nogtans die roem wat gepaard gaan met die assosiasie met

iemand wat so avontuurlustig is. 'n Mens wonder egter wat kinders dink terwyl hulle grootword sonder die ouer wat sy of haar eie droom nagejaag het. Baie van hulle is sekerlik baie trots op hulle familielid wat nou weg is, maar hoeveel van hulle sou enigiets opoffer om hulle geliefde weer terug te hê in hulle lewens – veilig en heel?

Uiteindelik moet ons wéér vra: "Vir watter rede?" Dit is waar dat baie van die uitvindings wat ons nou geniet, die gevolg is van die ruimteprogram. Baie vooruitgang in mikro-rekenarisering is 'n direkte resultaat. Nuwe materiale is ontwikkel en aangepas om die alledaagse lewe te verbeter. Ons weet meer van die heelal rondom ons, alhoewel baie van daardie kennis nie nodig is nie en dit is ook nie nodig dat mense die aarde verlaat om dit te ontdek nie. Satellietkommunikasie is te danke aan ruimteverkenning vir kommunikasie en 'n mens mag te kenne gee dat dit die lewe verbeter het, maar het dit regtig? Het ons vergeet dat ons heel goed geleef het voor slimfone en satellietnavigasie? Lekker ... maar noodsaaklik?

Watter kennis sal ons moontlike ontdek wat enige ewige verskil in ons lewens hier benede sal maak? Het ons geleer om beter met mekaar klaar te kom as gevolg van ruimteverkenning? 'n Mens kan na die Internasionale Ruimtestasie verwys en daarop let dat ruimtevaarders van voormalige vyandige nasies in harmonie saamwerk en dit is waar. Die Russiese ruimtevaarder Mikhail Kornienko en die Amerikaanse ruimtevaarder Scott Kelly het 'n jaar saam op die ruimtestasie deurgebring en respekteer en vertrou mekaar sonder twyfel, maar wat van hulle twee se lande?

Laat ons nou nader aan die huis kom. Hoe het ruimteverkenning die verhoudings tussen mans en vrouens, ouers en kinders en bure verbeter? Die antwoord is voor die hand liggend: Glad nie.

'n Mens kan selfs die teenoorgestelde sê – dat ruimteverkenning ons wêreld gevaarliker gemaak het. Van die begin af is militêre belange verweef met die verkenning van ons omgewing. Sputnik [die rolprent] was oulik, maar is ver van die volledige storie van waaroor satelliete gegaan het. Die publiek was betower deur maanwandelinge en mikro-swaartekrag, maar agter dit alles was militêre eksperimente en sendings. Vandenberg AFB het satelliete gelanseer om op Rusland te spioeneer en ons is naïef as ons dink Rusland het ook nie op Amerika gespioeneer nie. Regerings het verskeie begeleide missiel-stelsels getoets, waardeur 'n enkele vuurpyl verskeie kernkoppe kan dra. Satelliete wentel bokant ons om hommeltuie te beheer en radiobeheerde bomme te teiken. Daarom kan 'n toekomstige oorlog in die ruimte begin, want elke nasie probeer om die ander se bevel- en beheer-satelliete te vernietig.

Sommige mense veroordeel enige gebruik van die ruimte vir oorlogvoering en pleit: "Moenie die ruimte militariseer nie!" Die ruimte was egter van die begin af gemilitariseer. Dit is waaroor die "ruimtewedloop" in die 1950's en 1960's gegaan het. Om na die Maan te gaan, het die aandag van die publiek aangegryp, maar om die strategiese oormag te verkry was die spel wat die Sowjet-Unie en Amerika met mekaar gespeel het. Nou het ons 'n oproep vir 'n nuwe vertakking van die Amerikaanse weermag – 'n ruimtemag. Wat ons fundamenteel sien in ruimteverkenning, is 'n uitbreiding van die mens se verskille wat op 'n nuwe gebied afspeel, aangesien elke moondheid daarna streef om die oorhand te verkry en dit te behou.

Buite elke ingang van die Vandenberg-Lugmagbasis was advertensieborde wat gelees het: "Strategiese Lugbevel – Vrede is ons beroep". (SAC is in 1992 ontbind en is vervang deur die Verenigde State se Strategiese Bevel.) Die boodskap was verstaanbaar: Wanneer 'n mens sterker is as jou vyand of ten minste in staat is om "wedersydse gewaarborgde vernietiging" te verseker, sal daar nie 'n kernoorlog wees nie of ten minste dien as afskrikmiddel. Dit is natuurlik net as daar geen tegniese fout of verkeerde berekening aan enige van die twee kante is nie.

**Verbeelding ontmoet werklikheid**

Ruimteverkenning gryp ons

verbeelding aan. Kinders sien uitbeeldings wat hulle aanmoedig om te gaan waar min mense voorheen gegaan het. Televisienuus en rolprente beeld ruimtewandelings en swaartekrag-vrye rondswewery baie betowerend uit. Enige plek in die ruimte vanwaar 'n mens die aarde kan sien, behoort die allerbeste uiteindelike vakansieplek te wees. Wie wil nie in mikro-swaartekrag rondsweef nie, maar wat van die naarheid en braking wat gewoonlik gepaard gaan met die aanpassing? "*The Martian*" is vermaaklik sover dit rolprente betref, maar ver van die werklikheid af. Mans en vroue gryp ons verbeelding aan in fiksie rolprente wanneer dit lyk asof hulle skynbaar op verre planete rondloop – sonder om luiers (of "doeke"), ongemaklike en beperkende beskermingspakke of lywige suurstoftenks te dra en sonder om ure lank in ongemaklike posisies te sit. Die werklikheid druip die prettoets. Die grootste waarheid oor ruimteverkenning kan egter uiteindelik gevind word in die titel van die *Star Wars*-sage.

Ek veroordeel nie verkenning nie. Die menslike ras het waaghalse nodig. 'n Mens kan egter nie help om te wonder oor die gesonde verstand van enigiemand wat regtig dink 'n eenrigtingkaartjie na Mars is 'n goeie idee nie.

Ons probleme en uitdagings is hier op aarde. Om elders weer oor te begin, sal nie één van ons fundamentele probleme oplos nie. Die menslike natuur – selfsugtige begeertes, trots, gekrenkte gevoelens, haat en die gevolglike geweld – sal ons reisgenote wees. Byna 2,000 jaar gelede het 'n antieke profeet die aard van die mens beskryf: "[H]ulle werke is onheilswerke, en die daad van geweld is in hulle hande. Hulle voete hardloop om kwaad te doen en is haastig om onskuldige bloed te vergiet; hulle gedagtes is onheilsgedagtes, verwoesting en verbreking is in hulle paaie. Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie" (Jesaja 59:6-8).

Baie mense vind dit onmoontlik om te glo, maar vrede sál uiteindelik kom, alhoewel nie soos wat die mensdom verwag nie. 'n Ander profeet het meer as 700 jaar ná Jesaja verskyn en voorspel wat ons nou weet moontlik is: Die vernietiging van alle lewe van die aardbodem af (Matthéüs 24:21-22). In die lig van so 'n vooruitsig, mag ons dink dat dit nodig is om kolonies elders te begin, maar dit is nie die oplossing nie.

Die oplossing is die koms van die Een wat daardie voorspelling gemaak het, omdat Hy meer as 'n profeet is. Jesaja het die tyd voorspel wanneer die Verlosser weer sal kom om die mensdom van sy vernietigende weg te red: "En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal

***Vervolg op bladsy 26***

***Vervolg vanaf bladsy 9 – Die "globale Suide" versus die liberale Weste***

deur die profeet Hoséa gewaarsku: "Ek het hom tienduisende *leringe* van my wet voorgeskrywe, *maar* dit word as iets vreemds geag." En "Ek sal by hom besoeking doen oor sy weë en hom vergeld na sy dade ... want hulle het nagelaat om die HERE te vereer" (Hoséa 8:12; 4:9-10).

Die grootste deel van die mensdom het voordeel getrek uit Judeo-Christelike waardes wat deur Westerse evangelisasie versprei is. Nou egter, sal juis die nasies wat deur God gebruik is om sulke waarhede wêreldwyd te versprei, ernstige gevolge ervaar omdat hulle sélf God se Woord verag. Die verwerping van Westerse liberale teologie deur 'n "globale Suide" wat vasbeslote is om fundamentele waarhede van die Skrif te volg, dui op 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis.

Nogtans is die positiewe nuus dat Jesus Christus binnekort weer sal kom om ware goddelike aanbidding te herstel – vir die Weste, die "globale Suide" en die res van die mensdom. *Bid dat Sy Koninkryk sal kom!* WvM

# O, Kanada
# ’n Nasie in skuld

## Deur Michael Heykoop

**Die horlosie tik teen 'n verbasende tempo.** Sekondes aan die regterkant verander voordat hulle selfs gelees kan word. Al hoe hoër gaan hulle. Dit is geen gewone horlosie nie. Dit is 'n “skuldhorlosie” wat toeskouers toelaat om te sien hoedat Kanada al dieper in die afgrond van skuld afstort. Tot en met die skryf van hierdie artikel, het die horlosie op $690,8 miljard gestaan en klim nog steeds.

Indien Kanada se skuld gelykop verdeel sou word tussen sy burgers, sou elke persoon se deel van die skuld $18,688 wees. Dit is egter slegs een persoon se deel van die *nasionale* skuld. Lesers in Brits-Columbia behoort elkeen $14,200 meer by te voeg om hulle deel van die *provinsiale* skuld te dek. Diegene in Nieu Brunswyk of Ontario sal onderskeidelik $18,206 en $21,724 meer nodig hê om by te voeg. Ander provinsies is in 'n soortgelyke posisie.

Terwyl u miskien nie bewus was van die spesifieke getalle nie, is dit dalk nie 'n verrassing nie, maar 'n feit dat Kanada en die meeste ander Westerse nasies hulleself in so 'n ongelooflike swak finansiële posisie geplaas het. Baie mense is vinnig om die regering te blameer vir die mislukte beleide en treurige beplanning. Dit het beslis bygedra tot die huidige situasie. Wat minder dikwels bespreek word, is egter die dreigende krisis van gevaarlike hoë vlakke van *huishoudelike* skuld.

### Huishoudelike skuld

Toe hy by die Kamer van Koophandel in Yellowknife in die Noordwes-gebiede gepraat het, het Stephen Poloz, die goewerneur van die Bank van Kanada, kort en bondig gesê: “Vir die meeste Kanadese is skuld 'n feit van die lewe, ten minste op 'n sekere stadium” (“*Canada's Economy and Household Debt: How Big is the Problem*?” *BankofCanada.ca*, 1 Mei 2018). Die Kanadese huishoudelike skuld het $2 biljoen oorskry. Dit is 'n *bykomende* $54,000-plus per persoon.

Twee biljoen dollar kan moeilik wees om te begryp, derhalwe word dit dikwels opgedeel en beskryf in terme wat makliker verstaanbaar is. Deur skuld te vergelyk met besteebare inkomste (hoeveel inkomste oorbly na belasting) mag help om 'n duideliker prentjie te skilder. Kanadese skuld gemiddeld ongeveer $1,70 vir elke dollar besteebare inkomste. Poloz beskryf hierdie syfer as “'n Kanadese rekord en is ongeveer 100% hoër as 20 jaar gelede”. 'n Styging van 70% in 20 jaar behoort genoeg te wees om almal tot nadenke te strek. Natuurlik is daar mense wat skuldvry is en ander wat hulle skuld goed onder beheer het. Hou in gedagte dat slegs 8% van Kanadese huishoudings meer as 20% skuld van daardie $2 biljoen in huishoudelike skuld.

'n Onlangse *Global-News* artikel beklemtoon presies net hoe min finansiële speling baie Kanadese het:

> Vir 10% van die Kanadese is die foutgrens wanneer dit by huishoudelike finansies kom, selfs minder, teen $100 of minder. Diegene wat egter enigsins geld oorgehad het aan die einde van die maand, was in 'n beter posisie as baie ander mense: 31% van die respondente het gesê dat hulle reeds nie genoeg verdien om al hulle finansiële verpligtinge na te kom nie (Erica Alini, “*Over half of Canadians are $200 or less away from not being able to pay bills” GlobalNews.ca*, 8 Mei 2017).

### Verandering in lewenstyl

Dit is nie verbasend dat die huidige ekonomie die manier beïnvloed waarop Kanadese hulle dag tot dag lewens lei nie. Huiseienaarskap was voorheen 'n "lewensmylpaal" en was beskou as 'n moontlikheid deur die meeste mense. Mense het verwag om te gradueer, werk te kry, te trou en 'n huis te koop. In Augustus 2017 het die *Maclean's* koerant 'n hoofopskrif gehad wat die nuwe werklikheid uitgespel het. "For many young Canadians, home won't be a house" (Kevin Carmichael, *Macleans.ca*, 14 Augustus 2017).

Die skrywer van die artikel gaan voort om te sê:

> "Daar was 'n tyd toe Kanada meer enkelgesin huise gebou het as multigesin eenhede. Die verhouding het verander en die gaping tussen die lewe in 'n woonstel en die vooruitsig om 'n braaivleisplek in die tuin te hê was nog nooit groter in Kanada se stede nie ... 'n Geslag Kanadese wat ruimte as vanselfsprekend aanvaar het, is nou besig om te ontdek dat hulle toekoms in 30,5 vierkante meter of minder afgemeet sal word. Dit hoef nie 'n groot probleem te wees nie, behalwe ... dit *is* 'n groot probleem vir baie mense".

Navorsing het bevestig wat die meeste mense reeds weet die waarheid is. Om in skuld gedompel te wees, beïnvloed tot 'n groot mate hoe 'n mens belangrike besluite in die lewe maak. Diegene met beduidende skuld is baie meer geneig om die huwelik uit te stel of om kinders te hê. (Shankar Vedantam, "*How Student Debt Affects Personal Choices of Young People*", *NPR.org*, 8 Junie 2016). Dit sal nog gesien word presies hoe hierdie voortdurend stygende skuld baie aspekte van die lewe sal beïnvloed.

### Om tevredenheid te vind

Skuld is 'n plek waar die meeste mense hulleself nie wil bevind nie. Om uit skuld uit te kom, vereis 'n noukeurige ondersoek na ons aktiwiteite, gewoontes en prioriteite. Alhoewel alle persoonlike skuld nie die gevolg is van swak besluite nie, is baie mense se skuldlas, die gevolg van die begeerte om die nuutste tegnologiese toerusting, 'n groter huis, 'n vinniger motor of ontwerpersklere te hê.

Koning Salomo skryf oor die dwaasheid van materialisme: "Hy wat geld liefhet, kry nie genoeg van geld nie, en wie rykdom liefhet, nie van inkomste nie" (Prediker 5:9). Vir baie mense is genoeg net nooit genoeg nie. Indien u prioriteite materialisties is, vra uself af of daardie fisiese items werklik die sleutel is tot 'n produktiewe en gelukkige lewe. Skuld en stres gaan dikwels hand aan hand. Die oombliklike bevrediging van 'n nuwe aankoop kan vinnig opgevolg word met angs, bekommernis en vrees, indien dit lei tot groter skuld.

Een van die sleutels om van skuld ontslae te raak, is om te leer om tevrede te wees. Tevredenheid beteken nie dat ons nooit probeer om onsself of ons ekonomiese situasie en omstandighede te verbeter nie. Dit beteken eerder om geluk te vind wat nie afhanklik is van die materiële aspekte van die lewe nie. Die apostel Paulus het baie hoogte- en laagtepunte in sy lewe ervaar. Hy beskryf aan die kerk in Philippi die noodsaaklike eienskap van tevredenheid, iets wat hy geleer het deur baie beproewinge en probleme:

> "[E]k het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly" (Filippense 4:11-12).

Tevredenheid is nie 'n kwessie van hoeveel mens besit nie, maar eerder van 'n mens se lewensbeskouing en dít kan aangeleer word. Indien 'n mens leer om die belangriker dinge in die lewe, soos vriendskap en die mooiheid van ons alledaagse lewens waarlik te waardeer. Dit is die boustene vir 'n reputasie van eer, ywer en 'n goddelike lewe. Dit bied 'n manier om skuld te voorkom. WvM

# Vrae & Antwoorde

## Die moeisame weg en die ligte las

**VRAAG**: As die poort nou en die pad smal is, soos Jesus Christus in Matthéüs 7:13-14 sê, hoe kan Sy juk dan maklik en Sy las lig wees (Matthéüs 11:30)? Verduidelik asseblief hierdie skynbare teenstrydigheid.

**ANTWOORD**: Dit lyk met die eerste oogopslag na 'n teenstrydigheid, maar dit is nie die geval nie. Om u vraag te beantwoord, is dit nodig dat ons elke gedeelte verstaan, deur met Matthéüs 7:13-14 te begin.

Jesus kontrasteer twee lewenswyses. Hy sê: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind." Die woord "nou" in die Afrikaanse Vertalings is vertaal uit 'n Griekse woord wat beteken "vasgedruk" of "vasgekeer" in 'n kloof tussen hoë rotskranse. Die Griekse woord wat as "smal" vertaal is, dra die betekenis van "smal" of "ingeperk" (*An Expository Dictionary of Biblical Words*).

God se weg is nie die weg wat 'n sondige mensdom van nature sal kies of die gemaklikste sal vind nie. Die menslike natuur soek en bly in sy eie selfsugtige gemaksone, neig tot 'n subtiele weersin en rebelleer teenoor God se weg en Sy Wette – die Tien Gebooie (Romeine 8:7). So bedrieglik is die hart van die mens (Jeremia 17:9) dat baie mense dink dat hulle in Christus kan glo en met 'n sondige lewenstyl kan voortgaan. Jesus vermaan dus al Sy volgelinge: "Stry hard om in te gaan deur die nou poort" (Lukas 13:24).

Die mens is van nature geneig tot selfsug en om ongehoorsaam aan God se heilige en regverdige Wette te wees. Sonder 'n diep, opregte bekering van sonde en 'n stryd teen ons menslike natuur, sal baie mense eenvoudig nie die poort tot God se Koninkryk kan vind nie! Die *stryd* vir elke ware Christen is om te bekeer van sondes van die verlede en om aan God se wil te onderwerp in plaas van eiesinnigheid! Die oorgrote meerderheid van die mensdom wil nie graag op daardie *nou* en *smal* pad gaan nie, maar sal eerder die maklike en breë pad kies. Sommige mense profeteer in Christus se naam, dryf duiwels uit en verrig baie wonders – alles tevergeefs (Matthéüs 7:21-23). Waarom? Omdat hulle voortgaan om "ongeregtigheid" te beoefen (vers 23). Diegene wat kies om hulle te bekeer en hulle rug te draai op wetteloosheid, sal deur Jesus gehelp word om die smal pad te bewandel.

Let nou op die tweede skriftuur in hierdie saak. Jesus sê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig" (Matthéüs 11:28-30). Die apostel Johannes brei uit: "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:3).

God se weg is inderdaad 'n geseënde weg, vry van sonde en die gevolge daarvan, wat eindig in die dood (Romeine 6:23). As Christene moet ons ons bekeer en "elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring" – deur geloof te hê dat Jesus Christus ons sal help deur al ons probleme en beproewings heen – "Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle" (Hebreërs 12:1-4; 1 Petrus 5:7). Dit is die las van sonde wat ons oorweldig en ons omring! Deur bekering en geloof in Jesus Christus kan ons vergewe word en vrygemaak word van sonde se knellende greep. Jesus praat hier van twee maniere van lewe naamlik slawerny van sonde, gekniehalter deur skuld wat lei tot die ewige dood, teenoor vreugdevolle gehoorsaamheid aan God se weg en die ontvangs van oorvloedige seëninge wat tot die ewige lewe lei.

Die twee skrifture in die vraag is dus duidelik nie teenstrydig nie, maar opeenvolgend. Een Skriftuur moedig 'n handeling aan – die keuse van gehoorsaamheid aan God se Wet. Die ander Skriftuur beskryf die gevolge van daardie keuse – 'n gemaklike juk en ligte las. Waarlik, elkeen wat alreeds daardie keuse gemaak het, besef die seëninge wat dit bied. WvM

# Die werke

## Daar is 'n gaatjie in die emmertjie

'n Ongewone verhouding tussen 'n sonderlinge orgidee en sy handlangerbytjie kan vir ons baie leer daaroor of die wêreld 'n toevalligheid is of die werk van 'n Skepper.

In die wonderlike katalogus van lewende dinge wat die aarde vul, ontdek 'n mens 'n magdom voorbeelde van ongelooflike ingewikkeldheid wat aantoon hoe kompleks lewensvorme en hulle siklusse kan wees.

Blomme, die voortplantingsorgane van blomplante (angiosperme), is 'n goeie voorbeeld daarvan. Ons kan ons maklik verwonder oor die broosheid van 'n kersieblom, 'n roos of 'n lelie. Een soort blom is egter besonder betowerend in sy ontwerp asook in die wyse waarop dit 'n niksvermoedende assistent opkommandeer om die oorlewing van sy spesie te verseker.

**In sake emmertjies en bytjies**

*Coryanthes speciosa* en *Stanhopea grandiflora*, die twee spesies "*bucket orchids*", is inheems aan die tropiese gebiede van Mexiko, Sentraal- en Suid-Amerika en Trinidad. Hierdie spesie van die orgidee-familie bring 'n blom voort wat enig in sy soort en pragtig is in die planteryk. Hulle het ook 'n baie gesofistikeerde manier van voortplanting wat die dienste van spesifieke spesies "orgidee-bye" vereis. Daar is sowat 250 spesies orgidee-bye, wat die mees opvallende van alle soorte bye is, as gevolg van hulle juweelagtige voorkoms (Stephen Buchmann, "*Orchid Bees*", *Amerikaanse Departement van Landbou*). Twee sub-spesies orgidee-bye, *Euglossa meriana* en *Euglossa cordata*, is net die regte grootte, gewig en vorm om vir die *bucket orchids* van hulp te wees (Geoff Chapman, "*Orchids ... a witness to the Creator*", *Creation* tydskrif, September 1996).

Die mannetjies van 'n spesifieke sub-spesie van hierdie bye sal slegs een sub-spesie *bucket orchids* besoek, sodat daar geen kruisbestuiwing van hierdie delikate blom sal plaasvind nie. Elke sub-spesie van die emmer-orgidee skei 'n geurige, olierige parfuum af, wat in die boonste kap van die blom geproduseer word. Omdat elke spesie van die *bucket orchids* 'n unieke geur produseer wat sy eie spesie orgidee-by lok en as gevolg van die hoogs gespesialiseerde proses wat betrokke is, word kruisbestuiwing deur ontwerp verhoed. Die mannetjie bytjies soek spesifiek na die orgideegeur wat slegs die wyfie van sy eie spesie lok en behou so die suiwerheid van die stelsel vir die plant asook die bestuiwer. Die manlike bye vul spesiale sakkies aan hulle agterpootjies met die parfuum en gebruik dit om vriendinne te lok. Hulle sal enige ontberings verduur om so goed as moontlik te ruik.

**Die wip is gestel!**

Die boonste gedeelte van die blom, waar die plant sy olierige parfuum produseer, het 'n wasagtige oppervlak wat meer glibberig gemaak word deur die parfuum self. Wanneer die bye besig is om hulle skat in te samel, gly hulle gewoonlik en val in die onderste deel van die blom – die "emmer" wat die blom sy naam gee. Bokant die emmer is 'n kliertjie wat 'n wateragtige vloeistof deur 'n kleppie drup en dit hou die emmertjie gedeeltelik vol. Hierdie spesie orgidee-by is net die regte grootte en gewig vir die merkwaardige proses wat plaasvind tydens sy besoek aan hierdie fassinerende blom. Die bytjie, wat tot heel onder in die emmertjie ingeval het, sou in die vloeistof doodgegaan het en sou nie kon ontsnap nie as dit nie was vir 'n klein "trappie" op die rand van die emmertjie nie. Hierdie trappie is net die regte grootte en vorm sodat die bytjie homself uit die dammetjie kan trek.

Ongelukkig sou ons bytjie nog steeds vasgekeer gebly het in die blom as dit nie was vir 'n klein tonneltjie wat net bokant die trappie geleë is nie. Die tonneltjie of buisie is net groot

# van Sy hande

genoeg vir hierdie spesie orgidee-by om deur te gaan en so begin hy sy ontsnapping. Net wanneer hy egter op die punt staan om na buite te ontsnap, trek die buisie saam en hou die bytjie styf vas. Die sametrekking van hierdie buisie veroorsaak die afskeiding van 'n klein hoeveelheid gom op die bytjie se rug, maar slegs op 'n klein, geteikende area, om nie die bytjie se vermoë om te vlieg te belemmer nie. Dan word twee oranje-kleurige sakkies wat stuifmeel bevat (wanneer die blom in sy "manlike fase" is) op die gom vasgedruk. Dit neem sowat 45 minute tot 'n uur vir die gom om te stol, waarna die ontsnappingsbuisie ontspan en die bytjie vry kan wegvlieg terwyl dit nou die enigste stuifmeelsakkies dra wat daardie blom sal produseer.

**Nog nie gedane sake nie ...**

Ten spyte van sy skrikwekkende avontuur, het ons bytjie nog steeds sy vriendinne in gedagte en word op geen manier afgeskrik om 'n ander emmer-orgidee van dieselfde spesie te besoek om sy cologne-voorraad aan te vul nie. Helaas, tydens die versameling van meer reukolie bevind hy homself weer in die emmertjie van 'n ander *bucket orchid*. Vasberade klim hy uit die poeletjie met behulp van die gerieflike trappie en gaan deur die reeds bekende tonneltjie na vryheid. Hierdie keer as die orgideeblom die "vroulike fase" binnegegaan het, sal daar in plaas van stuifmeelsakkies wat vir hom aan die einde van die tonnel wag, 'n klein haakagtige struktuurtjie wees. Dit verwyder die stuifmeelsakkies van die bytjie se rug en veroorsaak dat dit oopgaan en die blom se stamper of vroulike voortplantingsorgaan bestuif en só begin die proses wat tot die ontwikkeling van orgideesaad lei om sodoende die volgende generasie van hierdie ongelooflike plant te verseker.

**Natuurlike seleksie onvoldoende**

Interessant genoeg het selfs Charles Darwin erken dat daar nie 'n aanduiding is in die fossielrekord van die "evolusie" van blomme nie, soos hy in 'n brief gedateer 1881 aan botanikus, Sir Joseph Hooker, opgemerk het. Darwin het nooit 'n verduideliking gegee van oor hoe 'n proses soos "natuurlike seleksie" voldoende sou wees om 'n komplekse simbiotiese ('n wedersyds-voordelige) verhouding te skep, soos wat ons in hierdie geval sien nie. Trouens, die *bucket orchid* se bestuiwingsmeganisme blyk redelik strydig te wees met die reëls van die Darwinistiese teorie. Prosesse wat oorlewing moeiliker maak en meer geneig is tot mislukking is veronderstel om volgens Darwinisme, deur natuurlike seleksie uitgeskakel te word. In die geval van die *bucket orchid daarenteen*, floreer 'n komplekse meganisme wat 'n vennootskap vereis met 'n enkele sub-spesie by – wat oorlewing selfs nog gevaarliker maak – al vir duisende jare. Voeg hierby die noodsaaklikheid van gelyktydige ontwikkeling van die hoogs-gespesialiseerde eienskappe van die blom en die bestuiwer en 'n ewekansige proses, soos beskryf deur Darwin se evolusie, is wiskundig heeltemal onwaarskynlik sonder intelligente leiding.

Hierdie unieke proses verhoed beduidende kruisbestuiwing met ander orgidee-spesies, wat help om die genetika van hierdie plante in 'n relatief onveranderde toestand te bewaar van geslag tot geslag. *Bucket orchids* floreer vandag nog en inspireer verwondering en vreugde in diegene wat hulle bestudeer. Hierdie komplekse simbiotiese verhouding tussen 'n spesifieke by en 'n merkwaardige blom kan alleenlik die produk wees van doelbewuste ontwerp. Enige regdenkende mens het geen ander keuse as om saam te stem nie.

Die geneigdheid van die mens om te ontken dat hierdie wêreld en die lewe daarop, die produkte is van 'n Groot Ontwerper is niks nuut nie. Lank gelede het die groot Joodse

geleerde wat ons ken as Paulus, met 'n gefrustreerde gemoed geskryf oor diegene wat allerhande maniere vind om die ooglopende weg te redeneer:

> [W]at van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie" (Romeine 1:19-20).

Daar is min voorbeelde wat duideliker dui op die kreatiewe genie van daardie Groot Ontwerper as dié van die klein *bucket orchid* en die onversetlike orgidee-bytjie.

***—Stuart Wachowicz***

## Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

*Vervolg vanaf bladsy 20 – Vir watter rede? Waarom is ons in die ruimte?*

oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:3-4).

Ruimteverkenning is betowerend. Om na die maan te gaan en veilig terug te keer, demonstreer die moed en waagmoed van die mensdom, maar uiteindelik moet ons weer met betrekking tot die onderneming vra, "Vir watter rede?" Dit het sekerlik nie harmonie hierheen gebring nie en sal dit ook nooit doen nie. Vrede *sal kom*, maar nie as gevolg van die mens se wetenskaplike ontdekkings nie, óf dit nou in die ruimte is of hier op terra firma. Aarde is die mens se tuiste en Aarde is waar vrede uiteindelik gevestig sal word! WvM


# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

skuldige babas duld – *selfs tot en met die geboorte en daarna*?

Die huis van Juda het die volk geword wat ons as die Jode ken, maar wat het van die antieke huis van Israel in die noorde geword? Daar word soms na daardie deel van Abraham se afstammelinge verwys as die "verlore tien stamme" omdat die meeste geskiedkundiges klaarblyklik nie weet waarheen hulle verdwyn het nie. Maar is hulle wérklik verlore?

Hulle is beslis *nie* verlore in die eindtyd nie en die Bybel beskryf hulle as nasies wat duidelik onderskeibaar is van die Jode. Die profeet Eségiël beskryf 'n tyd in die toekoms, wanneer Israel asook Juda – verteenwoordig deur twee afsonderlike stukke hout – saamgevoeg sal word en nie meer verdeeld sal wees nie (Eségiël 37:15-24). Hoe kan dit wees as een "stuk hout" nie meer bestaan nie?

In daardie tyd sal Koning Dawid van ouds opgewek en koning gemaak word oor al *twaalf* stamme van Israel en die twaalf Apostels van Christus sal elkeen oor een van die stamme heers (Eségiël 34:23-24; 37:24; Matthéüs 19:28). Waarom word daardie boodskap verontagsaam in die kerke van ons lande?

Indien die Jode en Israel twee afsonderlike groepe is en albei in die eindtyd sal bestaan, behoort 'n regdenkende persoon te vra: "Wie is hierdie verlore stamme? Kan hulle gevind word?" Die antwoorde behoort vir u belangrik te wees.

**Die verlore sleutel**

In die Bybel lees ons van eindtydse profesieë aangaande Jerusalem en Damaskus. Daar is ook profesieë aangaande Egipte, Ethiopië en Libië – nasies wat oorskadu word deur China, Rusland en Indië. Indien die Bybel van toepassing is op alle tye, waarom sou ons nie verwag om oor Amerika, Brittanje, Frankryk en Duitsland te lees nie? Die antwoord is dat ons wél van hulle lees, maar nie onder hierdie moderne name nie.

Sommige profesieë is van toepassing op *streke* van die aarde, soos die profesieë oor 'n leër van 200 miljoen man wat van die oostekant van die Eufraatrivier sal kom (Openbaring 9:13-16). Interessant genoeg, is dit die enigste streek in die wêreld wat so 'n weermag vinnig op die been sal kan bring.

Ander profesieë is meer spesifiek en is van toepassing op nasies waarin baie van u tans woon. Daar word egter na daardie nasies verwys onder hulle *antieke* name. Begrip van die identiteit van moderne nasies gee ons die sleutel om eindtydse Bybelse profesie te begryp en die Bybelse prentjie vir ons tyd is nie mooi nie – ten minste nie op die korttermyn nie. Ons Westerse nasies het ons Skepper verwerp en ons Skepper gaan ons verwerp: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet" (Hoséa 4:6).

Een van die belangrikste publikasies wat ons nog ooit uitgegee het, is, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* U het hierdie hulpbron nodig, aangesien dit u kennis dramaties sal verbreed. Nog 'n hulpbron is 'n belangrike artikel wat op versoek beskikbaar is en wat 'n ander antieke nasie identifiseer: "*Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?*" Die antieke Assiriërs is besig om weer op te staan en Amerika moedig hulle aan om dit te doen deur 'n beroep op hulle te doen om meer aan verdediging te spandeer. Ons het nie die les van twee wêreldoorloë geleer nie.

Ek verstaan dat dit belaglik klink om te beweer dat Amerika en die nasies van Britse afkoms verower sal word en uit hulle gerieflike huise na slawerny geneem sal word, maar dit is wat wel sal gebeur. Neem kennis van wat u hier lees. Ons kan 'n paar verrassende gebeure in die jare wat binnekort voorlê verwag – gebeure wat ons wêreld sal voortdryf na die hoogtepunt van hierdie tydperk.

Godsdiensvervolging wat ondenkbaar was drie dekades gelede, is selfs nou in Amerika, Kanada, Australië en dele van Europa 'n werklikheid. Bybelse waardes wat voorheen die grondslag van ons beskawings was, word verwerp teen die spoed van lig. Ons wêreld verval in chaos, moreel en geopolities. Soos Robert Kagan skryf in *The Jungle Grows Back: America and our Imperiled World: "[O]ns* het nou vergeet dat wanneer dinge begin verkeerd gaan, hulle baie vinnig baie verkeerd kan gaan, dat ás 'n wêreldorde eers ineenstort, die slegste eienskappe van die mensdom na vore tree en

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

amok maak" (bl. 24).

Berei u voor vir moeilike tye wat voorlê. Om u "af te sonder" sal u nie red nie. Om voort te gaan om "God te dien" met gemaklike heidense praktyke sal 'n noodlottige fout wees. Dit is nodig dat ons nasies berou sal hê dat ons ons Skepper verwerp, Hom as vanselfsprekend aanvaar en Hom probeer hervorm na ons eie beeld. Die wêreld wat ons ken, is besig om tot 'n einde te kom. Presies hoe gou, kan ek nie sê nie, maar die skrif is aan die muur. Baie dinge sal egter nog eers gebeur ter vervulling van eindtydse profesieë, maar daar sal nog verrassings vir baie mense wees in die toekoms – en wanneer die einde kom, sal dit skielik wees.



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**